# 1. ORIËNTASIE

---

## 1.1. DIE KRISIS

Die **20e eeu** het in 'n gees van optimisme en hubris aangebreek. Wonderwerke is deur wetenskaplikes verrig. Motors, vliegtuie, fabrieke en moderne medisyne het mense se asem weggeslaan.

In 1910 vind die groot Sendingkonferensie in Edinburg plaas. Met die uitbreiding van die Sending- en Ekumeniese Beweging in die 20e eeu is groot verwagtinge van die kerk[1] gekoester. Groei en vooruitgang was vanselfsprekend.

Hierdie optimisme is algaande deur twee Wêreldoorloë en die ontkerkliking van Wes-Europa en die VSA vernietig. Kerkverlating en kerklike verval het 'n algemene verskynsel geword (Van't Spijker 1990:507-508).

Die **21e eeu** het in 'n gees van groter beskeidenheid en selfs pessimisme aangebreek. Nie net word die wêreld kort-kort deur massiewe politieke-, ekonomiese- en natuurrampe geruk nie, daar word ook algemeen aanvaar dat die era van die Christendom verby is en dat kerke wêreldwyd 'n eksistensiële krisis ervaar, 'n krisis waarvan ons die omvang nog nie ten volle begryp nie.

**H Kraemer** meen dat die kerk nie aan die krisis kan ontkom nie. Elke geslag Christene besef opnuut dat die kerk *ecclesia militans* is. Die kerk is altyd onderweg, altyd strydend, altyd onder bedreiging. Dit is eie aan die aard van die kerk. Vir Kraemer is die grootste oorsaak van die krisis nie in eksterne

---

[1] In hierdie proefskrif word terminologie soos volg gebruik ( De Groot 2007:240-241):

- Wanneer die term ñkerkò gebruik word verwys dit na kerke in die algemeen, soos hulle in tyd en ruimte in verskillende vorme en strukture manifesteer.
- Wanneer die term ñKerkò met ón hoofletter gespel word, verwys dit na die Liggaam van Christus wat een, heilig en algemeen is, wat met Christus één is en deur Christus ook met die Vader en die Gees één is.
- Wanneer die term ñkerkweesò gebruik word, dui dit op ón gebeure wat gelowiges beleef, in teenstelling met die kerk soos dit as instituut manifesteer.
- Wanneer die term ñgemeenteò gebruik word, verwys dit na ón plaaslike geloofsgemeenskap.

faktore te vind nie, maar in die inherente spanning wat in die kerk opgesluit is. Die spanning en diskrepans tussen dit wat die *kerk is* en hoe die *kerk empiries manifesteer* lei noodwendig tot krisis (Kraemer 1947:24).

Met die opkoms van die **Dialektiese Teologie** voor en na die Tweede Wêreldoorlog, was die kerk hoog op die agenda. Moes die kerk volkskerk, vrye kerk of belydende kerk wees? Watter verband bestaan tussen die kerklike belydenis, orde en praktyk? Die verhouding tussen kerk, staat, kultuur en politiek het toenemend problematies geword en gelei tot skerp meningsverskil, byvoorbeeld tussen K Barth en E Brunner (Van't Spijker 1990:508).

In dieselfde tyd, tydens die Duitse kerkstryd, was kerkopbou en kerkherstel op almal se lippe.

**H Küng** wys daarop dat die kerk deur al die eeue, selfs in tye van krisis, voortgegaan het om die wêreld met die evangelie te konfronteer. Ook in die huidige krisis wil die kerk getrou aan sy wese en roeping voortgaan met die verkondiging van die evangelie. Maar hy vra tog huiwerend: *Does the Church have a future?* (Küng 1976:481).

**D Bosch** wys daarop dat die kerklike krisis 'n wydlopende verskynsel is. Hy meen dat dit primêr 'n krisis ten opsigte van die sending is. Daar is baie (binne en buite die kerk) wat meen dat sendingwerk onnodig is. Die kerk vind dit al moeiliker om in 'n laat- en postmoderne samelewing missionaal te leef en te werk. En tog: Die rede vir die kerk se bestaan is in Jesus se groot opdrag te vind (Matteus 28:18-20). Dit is dus vanselfsprekend dat enige krisis ten opsigte van die apostolaat, 'n krisis ten opsigte van die kerk self is (Bosch 1991:3-5).

**G Heitink** skryf dat *de bemiddeling van het christelijk geloof is in de moderne samenleving problematisch geworden. De praktische theologie, verstaan als handelingswetenschap, is ten diepste een crisiswetenschap. Zij weerspiegelt, gezien vanuit het perspectief van kerk en geloof, de crisis van de moderne tijd, in een woord de vraagstuk van de moderniteit........ grijpt terug op de crisis die vanaf de Verlichting als een zuurdesem de Europesche cultuur doortrekt* (Heitink 1993 [2000]:27).

Veertien jaar later stel hy dit nog skerper : *Het gaat niet goed met de kerk. Als in onze tijd niet een ingrijpende heroriëntatie plaatsvindt, is het met de kerk als instituut in ons land menslijkerwijs gesproken binnen enkele generaties voorbij* (Heitink 2007:Voorwoord).

En verder: *Ook zelf beoordeel ik de huidige toestand van die kerk als ernstig. Het gaat hier om wellicht de zwaarste crisis in de geschiedenis van die kerk in West-Europa sinds sy ontstaan* (Heitink 2007:21).

**N Niemandt** meen dat die kerk self die krisis veroorsaak. Die kerk, in sy sigbare gestalte, is die oorsaak van toenemende ongeloof en kerkverlating. Tradisionele kerke en denominasies *het nie enige kans in die postmoderne wêreld nie ……. en ry selfs die koninkryk van God in die wiele* (Niemandt 2007:38).

Ook **P Ward** meen dat die kerk die oorsaak van die krisis is: *The question is whether our churches are part of the problem or part of the solution* (Ward 2002:13).

**DL Guder** maak die volgende stelling, wat uiters relevant is:

*The reformed tradition emphasizes that 'the church once reformed is always in the process of being reformed according to the Word of God'. The phrase, 'ecclesia reformata secundum verbi Dei semper reformanda', is used a great deal in North Atlantic Reformed circles these days, probably because of the crisis in which most of these churches find themselves.*

(Guder 2000:150)

Die agteruitgang van die kerk is 'n wêreldwye fenomeen, veral in die geval van die tradisionele Protestantse kerke in Wes-Europa en die VSA. Ook reformatoriese kerke in Suid-Afrika, met wortels wat histories en teologies in Nederland, Duitsland en Engeland te vind is, beleef 'n ernstige bestaanskrisis. Terwyl die inheemse, onafhanklike kerke in Afrika vinnig groei, vertoon reformatoriese kerke met oorwegend Swart lidmate 'n gebrek aan groei.

Krisis is egter nie net negatief nie. 'n Krisis kan ook dui op 'n *kairos* moment, 'n oomblik van waarheid. Die woord *krisis* dui op die erns en dringendheid van die

situasie, maar tegelykertyd op moontlikhede van vernuwing en 'n keerpunt in die geskiedenis (Heitink 2007:332).

### 1.2. DIE VERLEENTHEID

Kerke wêreldwyd staan verleë oor die kerklike verval en die kerk se onvermoë om dit te stuit. In baie lande het die getal lidmate en Christene dramaties afgeneem. Sending het feitlik tot stilstand gekom. Dit lyk asof die kerk faal in sy roeping en opdrag wat hy van die Here Jesus ontvang het (Mt 28,18ev):

> *Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: Doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle tot die voleinding van die wêreld.*

In hierdie opdrag vind kerke die rede vir hulle bestaan. Die belofte van Christus dat Hy in sy almag by die kerk is tot aan die einde van die tyd, bied troos en sekerheid. Die verval van die kerk plaas egter 'n vraagteken agter beide.

**K De Groot** wys daarop dat teoloë, wat hulle oor jare heen met ywer op Gemeentebou toegespits het, al meer tot die besef kom dat die kerk agteruitgaan ten spyte van al hulle navorsing, publikasies en inspanning. As gevolg van hierdie *verleentheid* word nuwe weë gesoek, tradisionele vorme van kerkwees agtergelaat en nuwe vorme van kerkwees geskep (De Groot 2007:41).

**A Hirsch** verwoord die verleentheid met die kerk se verval soos volg:

*When we reflect on the 1990s, the declared Decade of Evangelism, we are given cause for deep concern. For all the flurry and activity across the West, in particular the U.S. and U.K., church members have continued to decline. When once it was assumed that church planting was the strategy of reaching a postmodern West, church-growth*

*experts are now having second thoughts. Church membership had been flagging, and as the Decade of Evangelism proceeded, fewer and fewer churches were being planted.*

(Frost & Hirsch 2003:17)

*For the vast majority of churches, church growth techniques* have *not had any significant or lasting effect in halting their decline. Of the 480 000 churches in America, only a very small portion of them can be described as successful seeker-sensitive churches, and most of them have fewer than eighty members. What is more, the church in America is in decline in spite of having church growth theory predominating our thinking for the last forty or so years……. It has failed to halt the decline of the church in America and the rest of the Western world.*

(Hirsch 2006:36)

Baie mense meen dat die kerklike krisis en verleentheid 'n eietydse fenomeen is en dat die kerk in die verlede rustig, koninklik en triomferend op weg was. Die feit is egter dat die kerk *altyd* verleë staan met sy eie onvermoë om empiries gestalte te gee aan dit wat die kerk reeds in Christus is.

Menslike onvermoë en verleentheid met die kerk maak die kerk nie onbelangrik nie. Inteendeel: Krisis en stryd en verleentheid pas beter by kerk as mag en rykdom en vooruitgang. Dikwels is die angs oor die kerk se oënskynlike verval eerder te wyte aan 'n lewens- en werklikheidsbeskouing waar voorspoed en mag die deurslag gee.

### 1.3. DIE BELANG VAN DIE PLAASLIKE GEMEENTE

Die kerklike krisis en verleentheid daarmee lei vanselfsprekend tot die volgende vrae:

- Hoe belangrik is die voortbestaan van die kerk en gemeentes?
- Moet die kerk en tradisionele gemeentes nie maar tot niet gaan nie?

- Moet kerke die vestiging van alternatiewe vorme van spiritualiteit en geloofsgemeenskappe duld en self daaraan deelneem ?

Daar was deur die geskiedenis talle filosowe en teoloë wat die verval van die kerk as 'n natuurlike proses beskou het. Volgens die standpunt is die kerk in sy sigbare gestalte nie so belangrik nie, want dit gaan eintlik om die 'geestelike' en 'onsigbare' kerk. Dit is ook te verwagte dat die kerk as instituut tot niet sal gaan en dat alternatiewe geloofsgemeenskappe gevestig moet word.

**J Buitendag** het tydens die opening van die Nasionale Colloquium oor die *Identiteit en relevansie van die NHKA*[2] *in die 21e eeu* verwys na **I Kant** wat reeds in die 18e eeu die standpunt gehuldig het dat die oorgang van 'n kerklike geloof na 'n suiwere geestelike geloof, die aanbreek van die koninkryk van God is (Buitendag 2006:7). Die uiterlike strukture van die institusionele kerk *moet* tot niet gaan. Die menslike rede dwing ons om te besef dat godsdiens slegs kan voortbestaan in die subjektiewe oortuiging van die individu om die goeie te doen. Kerkwees gaan dus eventueel op in die goeie dade van die vroom gemoed. Daarom moet die verval van kerklike strukture toegejuig word.

Buitendag het ook na **M Weber** se standpunt verwys, dat alle strukture noodwendig te gronde gaan. Dit is deel van 'n natuurlike proses wat nie gekeer kan word nie (Buitendag 2006:7). Uit die ruïnes verrys daar (volgens Weber) altyd weer 'n nuwe instituut, ooreenkomstig die waardes en omstandighede van die tyd.

Self meen Buitendag dat die kerk nie maar goedskiks tot niet kan gaan nie, maar dat die kerk moet transformeer aan die hand van bepaalde beginsels.

Deur die loop van die 20e eeu het talle teoloë tot die gevolgtrekking gekom dat bekommernis oor die kerk se verval, onnodig is. Teologiese uitsprake soos die volgende impliseer dat die kerk in sy sigbare gestalte nie belangrik is nie en dus tot niet mag gaan:

- Dit gaan nie om die kerk nie, maar om God wat in die wêreld handel (*missio Dei*).

[2] Wanneer na die NHKA verwys word, word bedoel die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Hierdie proefskrif fokus primêr op die NHKA as reformatoriese kerk in die Calvinistiese tradisie wat bestaan uit 307 gemeentes in Suidelike-Afrika.

- Dit gaan nie om die kerk nie, maar om die wêreld.
- Dit gaan nie om die kerk nie, maar om God se koninkryk.
- Dit gaan nie om die kerk nie, maar om sosiale geregtigheid en die verligting van mense se nood.
- Dit gaan nie in die kerk om kwantitatiewe groei nie, maar om kwalitatiewe groei.

Aan die begin van die 21e eeu word hierdie sentiment nog skerper omlyn en verwoord. Dit is opmerklik dat kritiek teen tradisionele vorme van kerkwees in felheid toeneem.

So toon **H Kuitert** aan dat nuwe vorme van spiritualiteit voortdurend ontwikkel en daarom is daar geen heil te vind in die selfhandhawing van die kerk nie. *Geen zelfhandhaving, maar overgaan in cultuur, als eindpunt van Gods wegen met die christelijke kerk, wat is daar mis mee? Van pop tot vlinder, een dergelijke gedaantewisseling is toch niet ondenkbaar?* (Kuitert 2000:279).

Sonder huiwering stel **Viola & Barna** dat 'die kerk' in stryd met die Skrif is. Die kerk het die hart uit die evangelie geruk. Tradisionele kerke is nie meer te red nie en sal tot niet gaan. Nuwe vorme van kerkwees moet tot stand kom (Viola & Barna 2008:xxix).

Aan die ander kant is daar die standpunt dat die sigbare kerk, ten spyte van sonde en gebreke, belangrik is.

Sedert die vroegste geskiedenis van die Christendom word die kerk in sy sigbare gestalte as Kerk van Christus erken. **Cyprianus van Kartago** (†258) het reeds aan die begin van die 3e eeu in sy *De ecclesiae catholicae unitate* gewys op die belangrikheid van die sigbare kerk met die volgende uitsprake: *Salus extra ecclesiam non est* en verder: *Habere non potest deum patrem, qui ecclesiam non habet matrem*. Hierdie kerkbegrip is later deur **A Augustinus** voortgesit (vgl Bakhuizen van den Brink 1979:121).

**H Berkhof,** in sy bespreking van die gemeente as die liggaam van Christus, verwys onder andere na **M Luther** en **M Bucer** wat die woord *Kirche* (wat dui op die sigbare kerk as instituut) vermy het en eerder die woord *Gemeinde* gebruik het (Berkhof 1973:412; sien ook Exalto 1990:97). Luther verstaan die gemeente nie as sigbare instituut nie, maar eerder as 'n geestelike gemeenskap wat gelowig rondom die Woord en sakrament vergader.

Volgens **A McGrath** het Luther voortdurend afgegrens teen die institusionalisme van die Rooms Katolieke Kerk, sonder om die belang van die sigbare kerk te ontken (McGrath 2001:481). Veral later in sy lewe, in die stryd teen die Schwärmer, het Luther weer groter waardering vir die kerk as instituut ontwikkel (Berkhof 1973:412).

Vir Luther was kerkwees tegelyk sigbaar en onsigbaar, terwyl die een nie meer of minder ware kerk is nie (vgl Kärkkäinen 2007:39-40). Daarom het hy alles in die stryd gewerp om die kerk te *hervorm.*

Beide die Lutherane en die Calviniste het die plaaslike gemeente as *ecclesia completa* beskou. Die gemeente is en bly 'n gebeure wat telkens rondom die verkondiging van die evangelie as Kerk van Christus sigbaar word. Die belang van die gemeente wat sigbaar gestalte van die Kerk is, mag dus nie onderskat word nie.

Berkhof verstaan die kerk as 'n *bemiddelingsinstansie tussen Christus en die wêreld* (Berkhof 1973:411). Juis omdat die kerk in die wêreld en vir die wêreld bestaan, is dit noodsaaklik dat die kerk sigbaar word en as instituut funksioneer.

Daar is tans heelwat teoloë wat pleit vir transformasie en kerkhervorming, sonder om die belangrikheid van die kerk te ontken of van die kerk in sy tradisionele vorm afskeid te neem. In kritiese solidariteit met die kerk, word nuwe moontlikhede van kerkwees ontgin.

So meen **De Roest & Stoppels** (2007:19-23) dat die kerk en gemeente steeds belangrik is. Hierdie standpunt word vanuit verskillende perspektiewe begrond:

- ***Teologiese perspektief*:** Die Christelike geloof is onlosmaaklik verbind aan gemeenskap. Geloofsgemeenskappe kom tot stand in verhouding met God die Vader, Seun en Heilige Gees. Daarom is een van die fundamentele probleme en waarskynlik die grootste uitdaging vir die kerk in die 21e eeu, die vorming van gesonde en stimulerende vorme van geloofsgemeenskap, ook binne bestaande kerke. Verder manifesteer alle geloof (ook die Christelike geloof) in korporatiewe spiritualiteit en is sinvolle geloofskommunikasie en verdiepte liturgiese ervaring van groot belang.

- ***Sosiologiese perspektief:*** Sosiologiese navorsing toon aan dat daar buite die kerk (op die lange duur) nie genoeg draers van die Christelike heilsboodskap is nie. Verlies aan geloof loop hand aan hand met kerkverlating (Van der Ven 1993:140). Kultuur (soos reeds verwys na Kuitert) is onvoldoende om die Christelike geloof lewend te hou. Ook L Newbigin het daarop gewys *there is no mission without church, and no church without mission* (vgl Kärkkäinen 2002:159).

- ***Maatskaplike perspektief:*** Die rol wat kerke en lidmate in die samelewing speel, kan nie onderskat word nie. Die dienskarakter van die kerk lei daartoe dat baie lidmate van die kerk betrokke raak in die gemeenskap. Christene vorm die grootste poel waaruit *social capital* geput word. Gemeenskapsontwikkeling is ten nouste verbind aan die rol wat die kerk speel en daarom is die agteruitgang van die kerk 'n ernstige bedreiging vir die algemene welstand van die samelewing.

Ook **G Heitink** praat in kritiese solidariteit oor die kerk se verval: *Is dat jammer? Voor mijn besef wel....* Hy beklemtoon dat die kerk steeds van groot belang is vir mense se persoonlike lewens, die samelewing en as draer van die evangelie. Die kerk is en bly 'n voorlopige gestalte van die koninkryk van God. Die kerk is en bly die Liggaam van Christus, selfs in sy gebrokenheid. Daarom wys hy die apatiese houding van talle kerklike leiers en gemeentes af (Heitink 2007:Voorwoord).

Wat wel nodig is, is 'n omvattende proses van radikale en ingrypende kerkhervorming. Hierdie omvattende proses word verstaan as ***transformasie***, wat voortvloei vanuit 'n teologies-kritiese nadenke oor kerkwees.

Heitink kom tot die gevolgtrekking dat dit *is wel duidelik geworden dat het overwinnen van de stagnatie in de protestantse kerk meer vraagt dan een periodieke onderhoudsbeurt. Gaandeweg kregen we meer zicht op die noodzaak van transformatie van die kerk as geheel* (Heitink 2007:331).

In die huidige tydsgewrig is daar 'n groeiende konsensus dat gesonde gemeentes (klein of groot) uiters belangrik vir die voortgang en welwese van die kerk is. *As we*

*move to the end of the twentieth century, there has been a growing consensus in worldwide Christianity that the local congregation is the basic unit of Christian witness* (Guder 2000:145)

*Die volgende teoloë beaam die standpunt:*

- ‘n Gemeente is die ruimte waar mense saamkom om te aanbid, waar hulle toegerus word en waarvandaan hulle uitgaan om van Christus te getuig (Smit 2007:135).
- ‘n Gemeente is God se hoop vir ‘n stukkende wêreld (Hybels 2002:27).
- ‘n Gemeente is die instrument in God se hand met die oog op die *missio Dei* (Bosch 1991:390).
- ‘n Gemeente is die ruimte waar mense iets van God se liefde ontdek (Mead 1991:57).
- ‘n Gemeente is die ruimte waarbinne die kommunikatiewe geloofshandelinge geskied. Daarom is ons verstaan van kerkwees (kerkbegrip) en teoretiese besinning oor die gemeente (Ekklesiologie) van uiterste belang (Pieterse 1990:61).

Hierdie standpunte verteenwoordig almal ‘n benadering waarin die plaaslike geloofsgemeenskap of gemeente in die sentrum van kerkwees geplaas word. Die klem val op *plaaslik* – dit dui daarop dat die kerk op ‘n baie spesifieke manier en plek konkrete gestalte aanneem. *The people of God must have a tangible, experiencable shape. This is not ……. organizational necessity. It is essential to the missio Dei* (Guder 2000:146).

## 1.4. VERTREKPUNT

Die vroeë kerk, en later die 16e eeuse Hervormers, het geworstel met die sonde van Christene en die gebrokenheid van die kerk in sy sigbare gestalte. Dit is vanuit

hierdie inherente spanning en konflik dat die spreuk *ecclesia reformata semper reformanda* gebore is.

Dit sny enige vorm van 'n selftevrede handhawing van die kerk by die wortel af. Dit eis voortdurende bekering van hart en verstand asook die hervorming van kerklike strukture.

Die kerk en gemeentes leef voortdurend onder die spanningsvolle eis om te transformeer; om te word wat dit reeds in die geloof is naamlik die volk van God, die huisgesin van die Vader, die liggaam van Christus en die tempel van die Heilige Gees.

Die kerk en gemeente word voortdurend Kerk in die wete dat elke menslike poging om gestalte te gee aan die Kerk, te kort skiet. Maar: Ons gebrekkige kerkwees maak die kerk nie onbelangrik nie. Teen hierdie agtergrond, dien die volgende as vertrekpunt:

- Gemeentes, as sigbare gestalte van die Kerk, is belangrik.
- Gemeentes ervaar 'n bestaanskrisis wat grootliks te wyte is aan die onvermoë om in 'n vinnig veranderende konteks gestalte te gee aan dit wat gemeentes reeds in Christus is.
- Dit lei tot stagnasie, kerklike institusionalisme en verval.
- Gevolglik moet die kerke en gemeentes 'n metamorfose ondergaan (2 Kor 3:18). Hierdie metamorfose veronderstel 'n voortdurende proses van transformasie.
- Transformasie van kerke en gemeentes sal net sinvol en standhoudend wees indien dit begelei word deur grondige teologiese nadenke oor die kerk (Ekklesiologie).

Daarmee is die belangrikheid en noodsaaklikheid van Ekklesiologie aangetoon. Die kerklike krisis, die verleentheid met die kerk, die soeke na nuwe vorme van kerkwees en spiritualiteit maak teologiese nadenke oor die kerk en kerkwees uiters belangrik.

### 1.5. EKKLESIOLOGIE

**V Kärkkäinen** wys daarop dat Ekklesiologie in die 20e eeu toenemend aandag gekry het. In die laaste twee dekades het 'n verbasende hoeveelheid boeke op die terrein van die Ekklesiologie verskyn (Kärkkäinen 2002:7). Hy praat selfs van 'n *ekklesiologiese renaissance.*

Waarom het Ekklesiologie so belangrik en aktueel geword? Kärkkäinen voer die volgende redes aan (Kärkkäinen 2007:7-9):

- Die **internasionale ekumeniese** beweging was 'n besondere sterk stimulus tot nadenke oor die kerk. Die impak daarvan, volgens Kärkkäinen, is vergelykbaar met die Kerkhervorming in die 16e eeu.
- Die **groei van inheemse kerke** in die Derde Wêreld het talle moeilike ekklesiologiese vraagstukke geskep.
- **Nuwe benaderings tot kerkwees** het orals in die wêreld te voorskyn gekom.

Na my mening is die krisis en verleentheid met die kerk, waarna reeds verwys is, verdere redes waarom Ekklesiologie soveel aandag geniet. Deel van die krisis en verleentheid is dat mense in 'n post-christelike en post-kerklike samelewing nie meer verstaan wat die woord 'kerk' beteken nie, soos wat hulle ook nie verstaan wat die woord 'God' beteken nie. Die slytasie aan taal, woorde en betekenis het meegebring dat 'kerk' 'n bekende woord is, maar selfs meelewende lidmate nie die volle betekenis en implikasie daarvan verstaan nie.

Teen hierdie agtergrond is dit nie vreemd dat teoloë, kerke en ander instansies besondere aandag aan die kerk gee nie. Ekklesiologie kan selfs as Apologetiek verstaan word. Die kerk, as *Fremdkörper* in 'n postmoderne samelewing, se voortgesette bestaan moet verduidelik word.

Ter oriëntasie is dit belangrik dat 'n paar algemene opmerkings oor Ekklesiologie gemaak word. **A McGrath** skryf:

*The area of Christian theology which deals with the doctrine of the church is usually referred to as 'ecclesiology' (Greek: 'ekklesia', 'church'), and is of major importance to anyone proposing to engage in pastoral ministry of any kind. Ecclesiological questions break into ministry at point after point. What sort of body is the church? Ecclesiology is*

*that area of theology which seeks to give theoretical justification to an institution which has undergone development and change down the centuries, set against an altering social and political context. To study Christian understanding of the church is to gain insights into the way in which institutions adapt in order to survive.*

(McGrath 2001:476)

Aan die een kant beskou McGrath Ekklesiologie as 'n onderafdeling van Sistematiese Teologie wat hom besig hou met die *leer oor die kerk*; aan die ander kant bring hy Ekklesiologie in verband met die *kerklike praktyk en bediening*. Kernwoorde in hierdie definisie is:

- Ecclesiology
- Theology
- Theoretical justification
- Doctrine of the church
- Institution
- Body
- Pastoral ministry
- Development
- Change
- Survival

Met die eerste oogopslag is dit reeds duidelik dat dit om drie sake gaan:

- Ekklesiologie, teologie, teoretiese begronding;
- Kerkbegrip, instituut, liggaam;
- Bediening, ontwikkeling, verandering, oorlewing.

Dit is verwarrend wanneer die term 'Ekklesiologie' na verskillende sake verwys. Kärkkäinen benut byvoorbeeld die term 'Ekklesiologie' om te verwys na (1) 'n leerstuk (*doctrine)*, (2) kerkbegrip (*views of the church*), (3) die historiese gestalte wat kerklike tradisies aanneem en (4) teologiese besinning oor die kerk (Kärkkäinen 2002:15).

Ter wille van duidelikheid word die terminologie hier tot drie begrippe beperk, te wete *Ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees*. Dit is belangrik dat dié begrippe omskryf word:

- ***Ekklesiologie*** is 'n ***teologiese dissipline*** binne die breë raamwerk van Teologie as wetenskap. Ekklesiologie is teologies-kritiese en teoretiese nadenke oor die wese en roeping van die kerk binne 'n bepaalde konteks en historiese omstandighede.

- ***Kerkbegrip*** verwys eerstens na 'n geformuleerde ***leerstuk*** oor die wese van die kerk soos dit in 'n bepaalde geloofsgemeenskap verwoord word, gewoonlik in belydenisskrifte en kerkordes. Kerkbegrip dui tweedens op 'n bepaalde ***selfverstaan*** en ***identiteit*** van 'n bepaalde geloofsgemeenskap.

- ***Kerkwees*** verwys na die ***konkrete gestalte*** wat die kerk binne 'n bepaalde historiese konteks aanneem. Kerkwees verwys verder na 'n gemeente se lewe *coram Deo* en kerklike *praxis*.

Daar word van die standpunt uitgegaan dat insigte vanuit die Ekklesiologie bepalend inwerk op kerkbegrip. Kerkbegrip is weer bepalend vir kerkwees. Ekklesiologie, kerkbegrip en kerkwees funksioneer interaktief en interafhanklik. Teorie en praxis ontmoet en beïnvloed mekaar in 'n dinamiese interaksie.

### 1.6. PRAKTIESE EKKLESIOLOGIE

Die kerklike krisis en die verleentheid daarmee, het daartoe gelei dat Praktiese Teologie met sy sub-dissiplines *Gemeentebou* en *Praktiese Ekklesiologie*, baie aandag ontvang (De Groot 2007:27). Dit is veral te sien in die hoeveelheid doktorale proefskrifte wat jaarliks in dié vakgebiede afgehandel word.

Die aanvaarding van die kommunikatiewe handelingsteorie as matriks vir die beoefening van Praktiese Teologie, het daartoe bygedra dat Ekklesiologie, kerkbegrip

en kerkwees toenemend onder bespreking gekom het (Pieterse 1991:37-79; Dreyer 1995:792). Dit is verstaanbaar, omdat dit noodwendig konsekwensies inhou vir gemeentelike funksionering en benaderings tot kerkwees.

Hierdie proefskrif is 'n bydrae op die terrein Praktiese Ekklesiologie. Daar word pertinent by **G Heitink** aangesluit as hy skryf dat dit nie vir hom in die eerste plek om *Gemeentebou* gaan nie, maar om *Ekklesiologie as kerkopbou* (Heitink 2007:25).

Wat Heitink aantoon, is dat die kerklike krisis en verleentheid nie deur allerlei gemeentebou programme opgelos kan word nie. Programme, empiriese ondersoeke, veranderingsbestuur, sisteem analise en leierskapsontwikkeling sal nie die verval van die kerk stuit as daar nie vernuwend oor die kerk en kerkwees gedink word nie. Die belangrikste vraag is dus nie soseer wat die kerk *doen* nie, maar hoe die kerk in 'n bepaalde konteks Kerk kan *wees*.

*Maar wat is Praktiese Ekklesiologie? Verskillende benaderings het oor die afgelope dekades na vore gekom:*

In die Suid-Afrikaanse konteks het **HJC Pieterse** Praktiese Ekklesiologie soos volg gedefinieer: *In 'n prakties-teologiese ekklesiologie (of basisteorie oor die gemeente) gaan dit oor ons siening van die funksionering van die konkrete gemeente* (Pieterse 1990:61). Pieterse ontwikkel gevolglik die metafoor *die kerk as liggaam van Christus* as model vir die kerklike praxis.

**K De Groot** (2007:27ev) meen dat Praktiese Ekklesiologie, soos dit in Nederland beoefen word, vergelykbaar is met *Congregational Studies* soos dit in die VSA beoefen word. Verder identifiseer hy verskillende benaderings tot Praktiese Ekklesiologie in Nederland:

In die vyftigerjare (deur die werk van JC Kruijt) het die ***pastoraal-sosiologiese benadering*** veld gewen. Kruijt het leiding geneem by die *Sociologisch Instituut* wat ten doel gehad het om die Hervormde Kerk te steun in die *herkerstening van het Nederlandse volk* (De Groot 2007a:28).

Uitgebreide navorsing is gedoen oor streke, kulture, sosiale kwessies om die pastorale versorging van lidmate in die gebiede te fasiliteer.

Vanaf die sestigerjare (deur die werk van O Schreuder) het die ***organisasie benadering*** gewild geraak en het organisasie-analises, vraelyste, statistieke en kwalitatiewe onderhoude 'n belangrike plek ingeneem.

Vanaf die jare sewentig kom die ***gemeentebou benadering*** na vore. Die werk van onder andere D Lissenburg en later J Hendriks was van groot belang. Die Amerikaanse teoloog P Dietterich en die *Center for Parish Development* het ook groot invloed uitgeoefen.

In hierdie benadering was die wetenskaplike begeleiding van veranderingsprosesse en konsultasie belangrik. Die veranderingsproses het gefokus op die transformasie van institusionele vorme van kerkwees na 'n "oop" benadering (De Groot 2007a:34). Hendriks het sy denke oor kerkwees gekonkretiseer in die benadering van die *gemeente als herberg* (Hendriks 1990; Hendriks 1999; Heitink 2007:341).

Naas bogenoemde benaderings, het 'n ***antropologiese benadering*** ook bepaalde invloed uitgeoefen. In die benadering is religieuse, sosiale en kulturele verhoudings in Nederland ondersoek. Ondersoeke is byvoorbeeld gedoen waarom selfstandige geloofsgemeenskappe in Nederland onder immigrante tot stand kom (De Groot 2007a:42).

**G Heitink** wys daarop dat die basiese elemente van Praktiese Ekklesiologie reeds in 1850 deur die Nederlandse teoloog, **W Muurling**, verwoord is. Hy was ook een van die eerstes om 'n teorie ten opsigte van gemeente ontwikkeling te vestig (Heitink 1993 [2000]:263; Heitink 2007:340).

Heitink verwys instemmend na **J Firet** wat Praktiese Ekklesiologie omskryf as *'n teologiese teorie omtrent die sosiale gestalte van die kerk, as aktualisering van 'n belofte en gegewe moontlikheid, as vervulling van 'n ontvange opdrag in 'n bepaalde kulturele en sosiale situasie* (Heitink 2007:340). Self ontwerp hy 'n Praktiese Ekklesiologie aan die hand van die volgende beginsels:

*In dit boek werk ik aan een ontwerp van een praktisch-theologisch ecclesiologie waarbij ik gebruik maak van een op dit vakgebied bekende drieslag die bestaat uit een analyse van de situasie (het empirisch perspectief), theologische reflectie (het hermeneutisch perspectief) en suggesties voor beleid (het strategisch perspectief). Het gaat mij om meer dan gemeenteopbouw; liever zou ik in dit verband spreken van ecclesiologie as kerkopbouw. Ook wat in de gemeenten gebeurt kan niet los gezien worden van de kerk as geheel.*

(Heitink 2007:25)

Die "bekende drieslag" in die Praktiese Teologie, waarna hy verwys, is volledig in sy *Praktische Theologie* uiteengesit (Heitink 1993 [2000]:174-230). Daarop word nie verder ingegaan nie. In hierdie proefskrif word die standpunt ingeneem dat Praktiese Ekklesiologie vanuit ***vier onderskeibare perspektiewe*** benader moet word. Hierdie vier perspektiewe kan soos volg beskryf word:

- Histories-vergelykende Ekklesiologie
- Prakties-teologiese Ekklesiologie
- Eksegeties-sistematiese Ekklesiologie
- Missionale Ekklesiologie

In sy ontwerp van 'n Praktiese Ekklesiologie maak Heitink van drie perspektiewe gebruik (empiries, hermeneuties en strategies), terwyl hier 'n vierde (historiese perspektief) bygevoeg word. Die vier perspektiewe sal soos volg aan die woord kom:

- Die *historiese perspektief* is te vind in hoofstuk 2 (Histories-vergelykende Ekklesiologie).
- Die *empiriese perspektief* is te vind in hoofstuk 3 (Prakties-teologiese Ekklesiologie).
- Die *hermeneutiese perspektief* is te vind in hoofstuk 4 (Eksegeties-sistematiese Ekklesiologie).
- Die *strategiese perspektief* is te vind in hoofstuk 5 (Missionale Ekklesiologie).

In die laaste hoofstuk, wat handel oor Missionale Ekklesiologie, word die waagstuk aangegaan om enkele voorstelle te maak ten opsigte van die transformasie van die kerklike praxis en bedieningspraktyk. ‘n Verandering in kerkbegrip (teorie) impliseer ‘n verandering in kerklike praxis, wat beskryf word met die term *missionale bedieningspraktyk.*

Vanselfsprekend is Praktiese Ekklesiologie afhanklik van insigte wat vanuit ander vakgebiede soos Eksegese, Dogmatiek, Kerkgeskiedenis, Sendingwetenskap, Kerkreg, Praktiese Teologie, Filosofie en Bestuurswetenskappe ontgin word. Daarom word gepoog om die problematiek multidissiplinêr te benader.

In hierdie proefskrif word gefokus op die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Daar is verskeie redes vir die keuse: Enersyds beperk dit die omvang van die navorsing; andersyds dien die NHKA as voorbeeld van wat ook in talle ander kerke gebeur.

# 2. HISTORIES-VERGELYKENDE EKKLESIOLOGIE

*Historiese Perspektief*

## 2.1. INLEIDEND

‘n Histories-vergelykende Ekklesiologie is nie ‘n kliniese oefening waarin die kerk geobjektiveer word nie. Die kerk is en bly ‘n misterie, ‘n geheimenis wat net deur middel van metaforiese spreke opgehelder kan word.

Die Rooms-Katolieke teoloog, **A Dulles**, tipeer Histories-vergelykende Ekklesiologie as ‘n *systematic reflection on the points of similarity and difference in the ecclesiologies of different denominations* (Dulles 1974:7). Hy vergelyk verskillende modelle van kerkwees, gebaseer op die amptelike dokumente van kerke asook geskrifte van teoloë vanuit bepaalde kerke.

Ook **W Brueggemann** praat van *models of church.* Hy stel dit as beginsel dat geen model van kerkwees tot die enigste ‘ware’ model verabsoluteer kan word nie. Inteendeel: Die diversiteit op kerklike terrein is verbysterend en daarom is dit belangrik dat verskillende modelle van kerkwees beskryf word en met mekaar in gesprek tree. Hy skryf:

> *There is no one single or normative model of church life. It is dangerous and distorting for the church to opt for an absolutist model that it insists upon in every circumstance. Moreover, we are more prone to engage in such reductionism if we do not keep alive a conversation concerning competing and conflicting models. Or, to put it positively, models of the church must not be dictated by cultural reality, but they must be voiced and practiced in ways that take careful account of the particular time and circumstance into which God's people are called. Every model of the church must be critically contextual. Posing the question about models in this way at this time requires us to think about "Christ and culture," to think about the place where God has put us and what is an appropriate modelling for our time and circumstance.*
>
> (Brueggemann 1991:129)

Die beroemde sistematiese teoloog, **H Küng**, het dit soos volg geformuleer:

> *Every age has its own image of the Church, arising out of a particular historical situation; in every age a particular view of the Church is expressed by the Church in practice, and given conceptual form, post hoc or ante hoc, by theologians of the age..... the constant factor in the history of the Church and of its understanding of itself is only revealed in change; its identity exists only in constantly changing historical 'forms'. If we want to discover this original and permanent 'essence', given that it is something dynamic rather than something static and rigid, we must look at the constantly changing historical 'forms' of the Church.*
>
> (Küng 1976:4)

Ook **C Wethmar** beklemtoon dat *no single manifestation of the church reflects its essence perfectly and exhaustively. This insight is reflected by the well known Reformed expression of ecclesia reformata semper reformanda* (Wethmar 1997:418).

**V Kärkkäinen** volg in sy *Introduction to Ecclesiology* die werkswyse om sewe kerklike tradisies aan die orde te stel (Ortodoks, Rooms-Katoliek, Luthers, Gereformeerd, Pinkster en Vrye Kerk tradisies, met die Ekumeniese Beweging as sewende identifiseerbare tradisie).

Hy vervolg deur sewe teoloë, wat as verteenwoordigend van die tradisies beskou kan word, te bespreek. Hy noem sy werkswyse *a comparative ecclesiology.*

Hy beskryf egter nie net die belangrikste kerklike tradisies nie, maar ook *kontekstuele ekklesiolgieë,* dws ekklesiologiese nadenke wat buite die tradisionele kerke te vind is (Kärkkäinen 2002:14).

Kärkkäinen wys verder daarop dat *comparative ecclesiology* veral in die ekumeniese wêreld gewild geword het. Die historiese aspek van 'n Histories-vergelykende Ekklesiologie beskryf hy soos volg: *A natural way to begin a survey of ecclesiologies is to introduce major theological and confessional traditions that have emerged during church history* (Kärkkäinen 2002:15).

'n Histories-vergelykende benadering word in verskillende teologiese dissiplines benut om groter duidelikheid oor kerkbegrip en kerkwees te bied.

Wat dit problematies maak, is dat daar uiteenlopende terminologie gebruik word. Daar is reeds verwys na Dulles en Brueggemann wat na *modelle van kerkwees* verwys, terwyl Kärkkäinen van *kerklike tradisies* praat.

*Voorbeelde van die uiteenlopende wyse waarop terminologie gebruik word, is die volgende:*

- **L Koffeman** verwys in sy onlangse publikasie oor Kerkreg na *vier gestaltes van kerkwees.* In aansluiting by Dombois en Picht onderskei hy tussen universele kerk, lokale kerk, partikuliere kerk en ordes (vgl Koffeman 2009:50-51).
- **G Dekker** verwys na *vier vorme van kerkwees*. Hy onderskei in sy ondersoek na gemeentes se funksionering tussen territoriale, mentale, funksionele en kategoriale vorme van kerkwees (Dekker 2003:166-175; vgl ook Heitink 2007:273).
- **L Newbigin** identifiseer *drie kerklike strominge* (Newbigin 1953:24-25). Die eerste stroming word gekenmerk deur die suiwer verkondiging van die evangelie en bediening van sakramente (Protestantse kerke); die tweede stroming deur die sakramentele verstaan van die histories-sigbare kerk (Rooms Katolieke Kerk); die derde stroming word gekenmerk deur die ervaring van die Heilige Gees (kerke in die Pinksterbeweging).
- **A Hirsch** onderskei tussen *three modes of church*, te wete *apostolic, christendom* en *emerging-missional* (vgl Hirsch 2006:64).
- **G Heitink** onderskei *drie tipes van kerkwees* (Heitink 2007:161-167). Die eerste kerktipe identifiseer hy as 'n *publieke kerk*, wat as volkskerke of staatskerke funksioneer. Publieke kerke wil soveel as moontlik mense van 'n bepaalde samelewing omvat. In die kerktipe staan die ampsdraer, verkondiging en sakramente sentraal. As voorbeeld van hierdie kerktipe identifiseer hy die Nederlands Hervormde Kerk, waarby ons die naam van die NHKA kan voeg. As tweede tipe identifiseer hy die *vrye kerk*, wat bestaan uit mense wat vrywillig daarby aansluit en as selfstandige kerkgenootskap of

denominasie funksioneer. Derdens identifiseer hy 'n *charismaties-mistieke* kerktipe wat die klem plaas op bekering en wedergeboorte.

Heitink onderskei verder *twee modelle van kerkwees* in die Nuwe Testament (2007:262-265). Die eerste model kan beskryf word as 'n model wat min organisasie en struktuur vertoon en wat funksioneer op die basis van gawes (*charismata*) wat in dienswerk (*diakonia*) gestalte vind. Elke gelowige deel in die gawes van die Gees (1 Kor 12-14) en is verantwoordelik om diensbaar te wees in God se koninkryk.

Die Nuwe Testament ken ook 'n tweede model, waarin meer organisasie en struktuur sigbaar word en waarskynlik deur die funksionering van die sinagoges beïnvloed is. Die tweede het gelei tot die ontwikkeling van diosees en parogieë, veral in die tyd van Karl die Grote. Daaruit het 'n pastorale grondmodel ontwikkel wat groot klem plaas op 'n amptelike, hiërargiese en territoriaal gestruktureerde geloofsgemeenskap.

Daarbenewens maak Heitink onderskeid tussen *kerklike modaliteite*, met besondere verwysing na die Protestantse Kerk in Nederland (2007:272-273). Modaliteite staan in die teken van pluraliteit en diversiteit wat in 'n spesifieke kerk manifesteer. Diversiteit word geakkommodeer, en dit is 'n illusie om te dink dat al die lidmate van 'n kerk dieselfde oor sake dink. Individualisme en persoonlike gevoel speel 'n geweldige rol in die toename in diversiteit.

Heitink dui ook aan dat daar onderskeibare *kerkgevoel* bestaan (2007:274-276). Die term sou (na my mening) vertaal kan word as *etos* of *identiteit*. Binne die PKN manifesteer dit in die verskille tussen Hervormde, Gereformeerde en Lutherse gemeentes en lidmate. Dit manifesteer in verskillende standpunte oor die gesag van meerdere vergaderings, die rol van die ampsdraer, die verhouding tussen die landelike kerk en plaaslike kerk en vele ander. Verskil in kerkgevoel lei tot verskille in die funksionering van die plaaslike gemeente.

Persoonlik verkies ek die term ***benadering tot kerkwees***. Die begrip 'benadering' ontleen ek aan **J Beukes** wat praat van *a Hervormd approach* (Beukes 2008:73).

Die keuse vir die begrip "benadering" berus op die veronderstelling dat dit op 'n oorkoepelende en dominante denksisteem (paradigma) dui, wat bepalend inwerk op

die makro-, meso- en mikrovlak van kerkwees en kerklike praxis. Dit gaan dus nie in die eerste plek om praktiese sake nie, maar om die denksisteem (benadering) wat lei tot bepaalde vorme of modelle van kerkwees.

Die verskillende benaderings tot kerkwees is nie denominasioneel bepaald nie, maar manifesteer in verskillende kerklike tradisies en denominasies. Die verskillende benaderings tot kerkwees manifesteer ook op mikrovlak, in die houding en optrede van lidmate in plaaslike geloofsgemeenskappe.

Elke benadering tot kerkwees maak erns met die Kerk van Christus en die Christelike geloof en poog om op 'n eiesoortige en relevante wyse in die 21e eeu die evangelie van Jesus Christus uit te dra en die opbou van die kerk te bevorder. Ons moet dus die *bona fides* van elke benadering respekteer.

Vervolgens word drie benaderings tot kerkwees onderskei en in 'n spesifieke volgorde geplaas. Die onderskeidende kriterium wat aangewend word om die volgorde te bepaal, is elke benadering se verstaan en beoordeling van die kerk as instituut.

## 2.2. INSTITUSIONELE BENADERING TOT KERKWEES

*Die eerste benadering tot kerkwees plaas ek onder die opskrif* ***institusioneel.***

'n Institusionele benadering tot kerkwees heg groot waarde aan die uiterlike, institusionele vorm van die kerk. Dit word verder gekenmerk deur die instandhouding, bewaring en versterking van bestaande institusionele strukture asook die beskerming van ou, gevestigde rituele en praktyke. 'n Institusionele benadering heg ook baie waarde aan tradisie, geskiedenis en mag.

Dit is 'n benadering wat regoor die wêreld groot invloed uitoefen, omdat meeste kerke die neiging openbaar om bestaande strukture te versterk en uit te bou (Niemandt 2007:37-38).

As eerste voorbeeld van 'n institusionele benadering dien die standpunte wat tydens en na Vaticanum I (1869-1871) deur die **Rooms Katolieke Kerk** geformuleer is.

**Vaticanum I** het op grond van enkele tekste in die Bybel (bv 1 Kor 12; Ef 4; Mt 18) geoordeel dat Jesus nie net die stigter van die kerk is nie, maar dat Hy ook 'n hiërargie met 'n enkelvoudige regeerder (die pous) ingestel het. Daarvolgens is Jesus Christus ook die grondlegger van die kerklike reg en dissipline. Dit impliseer dat die kerk as instituut reeds by Christus begin het (Concilium Vaticanum 1870, sessio IV. Const. Dogm. I *De Ecclesia Christi*, Mirbt 606. Sien teks in Denzinger 1957:501-502).

Vaticanum I het die RKK hiërargies en institusioneel begrond, veral ten opsigte van die onfeilbaarheid van die pous (Kärkkäinen 2002:26). Hierdie gedagte is bevestig met die pouslike ensiklieke van 1897 (*Divinum illud munus)* en 1943 (*Mystici Corporis*).

In die eerste het Pous Leo XIII verklaar dat Christus die Hoof van die kerk is en die Heilige Gees die Siel van die kerk (Kärkkäinen 2002:27). Die ensikliek verabsoluteer die kerklike strukture deur te wys op die Goddelike oorsprong daarvan.

Hierdie opvatting is voortgesit in *Mystici Corporis* (vgl teks in Denzinger 1957:679; Bakhuizen van den Brink 1979:30). Daarin verklaar Pous Pius XII dat die Rooms Katolieke Kerk (as instituut) en die Kerk van Christus as identies beskou moet word. Talle teoloë het die oordrewe institusionalisme van die RKK, soos dit in die begin van die 20e eeu na vore kom, gekritiseer (Congar 1997:154).

Met **Vaticanum II** het 'n belangrike verskuiwing in die RKK se verstaan van die kerk gekom (vgl die volledige teks van Vaticanum II in Flannery 1980). Vaticanum II se *Lumen Gentium* is een van die belangrikste dokumente wat in die 20e eeu verskyn het en verteenwoordig 'n waterskeiding in die RKK se verstaan van die kerk (Kärkkäinen 2002:28).

*Lumen Gentium* het ook 'n bepalende invloed op die ekumeniese beweging asook reformatoriese kerke se verstaan van die kerk uitgeoefen.

Ten spyte van al die positiewe aspekte van *Lumen Gentium,* was Vaticanum II tog van oortuiging dat die kerk deur Christus se handelinge tot stand gekom het en dat die RKK die sigbare manifestasie daarvan is (Flannery 1980:353). Christus, as Hoof van die kerk, het sy magte aan die apostels en die biskoppe gedelegeer en hulle verantwoordelik gestel vir die kerk.

In hoofstuk 3 (Flannery 1980:369ev) word die hiërargiese struktuur van die kerk beklemtoon en die onderskeid tussen die amp en die leek gehandhaaf, wat 'n tipiese institusionele benadering verteenwoordig. Dit reflekteer ook tot 'n mate in Vaticanum II se verstaan van die liturgie:

*In order that the Christian people may more certainly derive an abundance of graces from the sacred liturgy, holy Mother Church desires to undertake with great care a general restoration of liturgy itself. For liturgy is made up of unchangeable elements divinely instituted, and of elements subject to change....*

(Flannery 1980:9)

Die ou tradisies en gebruike, met enkele aanpassings, moet bewaar word omdat dit deur God self ingestel is. Die kerk se funksie is om die Goddelik geïnspireerde liturgie te konserveer vir toekomstige geslagte.

Hierdie institusionele benadering is ook sigbaar in die **Oosters-Ortodokse Kerk**. Dié kerk het syself nog altyd beskou as die beskermer en bewaarder van die oorspronklike en suiwer leer (*orthos doxa*), soos deur die apostels aan ons oorgelewer. Die kerk beskou homself as "ortodoks", tot so 'n mate dat dit die Ortodokse Kerk se naam en onderskeidende identiteit geword het. Die tradisie en leer van die kerk word as onveranderlik beskou (Latourette 1964:567).

Die handhawing van die Ortodokse leer reflekteer ook in die wyse waarop teologie beoefen word. Johannes van Damaskus, wat in die eerste deel van die agtste eeu geleef en gewerk het, word beskou as die laaste teoloog wat bygedra het tot die Ortodokse teologie. Dit is opvallend dat hy beroemd geword het nie vir 'n *kreatiewe of nuwe* bydrae nie, maar vir die feit dat hy die teologie soos verwoord deur die Kappadosiërs (Basilius van Caesarea en Gregorius van Nissa) *gesistematiseer* het. Sy sistematisering van hulle werk

berus op sy eie opvatting dat daar in werklikheid niks nuut te sê is nie. In sy *Beeld van God* skryf hy dat die huidige geslag die roeping het om die vadere se geloof *na te boots* (aangehaal in Frank 1991:98). Die bestaande moet net gesistematiseer en toeganklik gemaak word (Latourette 1964:292).

Ook wat kerkwees betref, beroep die Ortodokse Kerk homself op die vroeë kerkvaders (Kärkkäinen 2002:17). Die Ortodokse benadering tot kerkwees kan die beste beskryf word met die woord *paradosis* – wat vertaal word met *dit wat oorgelewer word.* Oorlewering vind plaas deur die Skrif, besluite van die konsilies, die kerkvaders en die liturgie. Die Ortodokse Kerk beskou homself as die erfgenaam van 'n ryk tradisie wat onveranderd en suiwer na volgende geslagte deurgegee moet word (Frank 1990:98).

Die institusionele benadering in Ortodokse kringe reflekteer ook in die opvatting dat die strukture en instellings van die kerk onder leiding van die Heilige Gees tot stand gekom het (en dus onveranderlik is). Deel hiervan is die hiërargiese struktuur en die opvatting dat die biskop deur God aangestel is en God verteenwoordig (Kärkkäinen 2002:22). Volgens Ortodokse kerkbegrip is die kerk as instituut 'n teken van - en noodsaaklik vir - die eenheid van die kerk.

Die handhawing van bestaande strukture, tradisies en gebruike is ook kenmerkend van die **Protestantisme**, ten spyte daarvan dat Protestantse kerke uit 'n hervormingsbeweging gebore is. Talle reformatoriese kerke het belydenisskrifte, liturgie, tradisies en gebruike wat die afgelope vyf eeue onveranderd gebly het. Daarvan is die NHKA 'n tipiese voorbeeld.

Omdat daar later besondere aandag gegee word aan die verskynsel van institusionalisme, die handhawing en konservering van strukture en hoe dit in die NHKA manifesteer, word nie nou breedvoerig daarop ingegaan nie. Genoeg is om na drie resente bronne (vanuit die NHKA) te verwys:

- **TFJ Dreyer**, Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege en voormalige voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA, kom op grond van empiriese navorsing tot die gevolgtrekking dat lidmate van die NHKA nie die kerk se identiteit, teologiese etos, spiritualiteit en liturgie wil

verander nie omdat dit aan hulle 'n bepaalde geborgenheid en tuiste bied (Dreyer 2003:1060).

- **J Buitendag**, Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria en ook voormalige voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA, het tydens die opening van die 68e AKV (2007) gewys op die spanning tussen die ongemaklike eis van *ecclesia reformata, semper reformanda* en die versugting van baie lidmate *om te bly wat ons nog altyd was* (Buitendag 2008:125).

- Die handhawing en beskerming van die bestaande kerklike identiteit is duidelik sigbaar in die besprekings en besluite van die **68e Algemene Kerkvergadering**. Dit was veral die handhawing van die NHKA as volkskerk wat baie emosie ontlok het. Dit word duidelik verwoord in die notule van die 68e AKV (NHKA 2007). Alle besluite is onderwerp aan 'n oorkoepelende en dominante denksisteem: *Behou en beskerm, bewaar die pand wat aan jou toevertrou is* (2 Tim 3:14).

Hierdie institusionele benadering tot kerkwees is vir baie lidmate en ampsdraers van die NHKA die vanselfsprekende manier om enige kerklike krisis te hanteer.

## 2.3. TRANSFORMERENDE BENADERING TOT KERKWEES

*Die tweede benadering tot kerkwees plaas ek onder die opskrif **transformerend**.*

Waar 'n institusionele benadering op die instandhouding en bewaring van bestaande strukture fokus, word in 'n transformerende benadering op die *transformasie* van strukture gefokus met die oog op herstel, opbou of

rekonstruksie van die kerk. In hierdie benadering tot kerkwees word die kerk as ‘n gegewene aanvaar en gerespekteer, maar met die duidelike besef dat die kerk voortdurend moet transformeer.

Soos in die geval van ‘n institusionele benadering, is ‘n transformerende benadering regdeur die geskiedenis van die kerk onderskeibaar.

*Ter wille van bondigheid word dit hier net puntsgewys aangestip:*

Aan die einde van 3e eeu en begin van die 4e eeu tree die **Christelike askese** en monastieke ordes na vore. Dit was in reaksie teen die verslapping van dissipline in die kerk. Aanvanklik het dit naas die erkende kerk gefunksioneer, maar later binne die kerklike strukture en het by tye ‘n belangrike bydrae tot die voortgang van die kerk gelewer. Dit was hoofsaaklik lidmate wat daaraan deelgeneem het en nie die ampsdraers van die kerk nie. Dit het veral op die herstel van egte toewyding, geloof en gehoorsaamheid gefokus (Latourette 1964:221ev).

Kerklike verval in die laat Middeleeue het nogmaals gelei tot pogings om die kerk en monastieke ordes te transformeer. Dit het onder andere gelei tot die vestiging van nuwe kloosterordes.

Teen 1414, met die **Konsilie van Konstanz**, was deur die hele Europa ‘n aandrang op hervorming in die Rooms Katolieke Kerk wat op daardie stadium drie pouse gehad het. Tydens die Konsilie is die begeerte uitgespreek dat die Roomse Kerk moet transformeer. Dit het tot niks gekom nie, omdat die Konsilie erg verdeeld was (Latourette 1964:630). Teen hierdie agtergrond moet die optrede en werk van vroeë kerkhervormers verstaan word, soos Johannes Hus wat tydens die Konsilie van Konstanz veroordeel is.

Die aandrang op transformasie van die kerk is verwoord deur **individue** soos John Wycliffe, Wessel Gansvoort, Thomas à Kempis, Girolamo Savonarola en vele ander.

Verskillende **hervormingsbewegings** en groepe het na vore gekom. Enkele voorbeelde hiervan is die Gebroeders des Gemeenen Levens, die Boheemse Gebroeders asook die Italiaanse en Engelse mistici.

Die periode van 1350 tot 1500 word gekenmerk deur 'n konstante stryd tussen die wat die kerk wou transformeer en die wat die bestaande instituut en tradisies onverkort wou handhaaf (Latourette 1964:675). Hierdie vroeë pogings tot transformasie is gekenmerk deur die klem wat op die Skrif en prediking geplaas is, asook 'n toegewyde geloofslewe in navolging van Christus.

'n Klassieke voorbeeld van 'n transformerende benadering tot kerkwees is die **Kerkhervorming** in die 16e eeu. Luther, Zwingli en Calvyn se aanvanklike bedoeling was nie om 'n nuwe kerk te stig nie, maar eerder die bestaande kerk te transformeer volgens Skriftuurlike beginsels (Latourette 1964:701; Kärkkäinen 2002:50). Dit was eers nadat die Regensburg Colloquium (1541) misluk het, dat die reformatore besef het dat die breuk met Rome finaal was.

Die reformatore se transformerende benadering tot kerkwees word verwoord in die spreuk *ecclesia reformata, semper reformanda*.

Nog 'n voorbeeld van 'n transformerende benadering tot kerkwees vind ons aan die einde van die 19e eeu in Nederland. Dit het veral in die optrede van PJ Hoedemaker en A Kuyper sigbaar geword. Beide Hoedemaker en Kuyper het ingesien hoe siek en verswak die Nederlands Hervormde Kerk was (Botha 1989:14; Balke 1990:203).

**P Hoedemaker** het die kerklike organisasie van sy tyd (gebou op die 1816 Reglement) beskou as onwettig in oorsprong; onbybels in wese en verderflik in strekking. Hy het as oplossing vir die krisis van die kerk hom beywer om die Hervormde Kerk te reorganiseer en op te bou as belydende volkskerk wat onder die heerskappy van die Woord staan. Instrumenteel tot die rekonstruksie van die kerk was reorganisasie, dws die vervanging van die 1816 Reglement met 'n Kerkorde wat die volstrekte heerskappy van God in kerk en staat reflekteer.

Daarteenoor het **A Kuyper**, treurend (dolerend) oor die kerk, 'n afskeidingsbeweging gelei waar gemeentes deur vrye assosiasie tot stand kom.

Gemeentes is selfstandig georganiseer. Deur die plaaslike gemeente (kerk) het die Kerk van Christus konkreet gestalte gevind.

In dieselfde periode, rondom 1890, het predikante in **Duitsland** bekommerd geraak oor die onbetrokkenheid van 'n groot getal lidmate van die Duitse volkskerk (Nel 1994:9). Allerlei rekonstruktiewe maatreëls is getref. Die groot stadsgemeentes is in wyke verdeel, kontakpersone aangestel en allerlei programme (soos gereelde Bybelstudie) van stapel gestuur om nuwe lewe in die kerk te blaas.

Daar is reeds verwys na **Vaticanum II** wat beskou kan word as 'n poging tot kerklike vernuwing wat berus op 'n nuwe verstaan van die kerk.

Dokumente vanuit die **Ekumeniese Beweging** reflekteer 'n transformerende benadering tot kerkwees (vgl in die verband Faith & Order 1998 en 2005).

As laaste voorbeeld van 'n transformerende benadering tot kerkwees kan verwys word na die opkoms van **Gemeentebou** as sub-dissipline in Praktiese Teologie.

**M Te Velde** toon aan dat Gemeentebou teen 1930 in Nederland begin figureer, in pogings om die Nederlands Hervormde Kerk op te bou en die kerklike verval te stuit (vgl Te Velde 1992). Dit hang ten nouste saam met die werk wat Kraemer gedoen het sedert hy in 1940 deur die sinode van die Nederlands Hervormde Kerk aangewys is as voorsitter van die *Commissie voor kerkelijk overleg* (Balke 1990:221) asook die rol van die lidmaat in bediening (vgl in die verband Kraemer 1960).

**G Heitink** toon aan dat net in Nederland alleen, sewe benaderings tot gemeentebou identifiseerbaar is wat op een of ander wyse die transformasie van die kerk in die oog het (Heitink 2007:341). Daarop word nie verder ingegaan nie.

Self bepleit Heitink die transformasie en vernuwing van die kerk. Met transformasie bedoel hy *een radicaal veranderingsproses* (Heitink 2007:331). Dit gaan om 'n gedaanteverwisseling, om 'n *metamorphosis* (2 Kor 3:18) Sy

publikasie *Een kerk met karakter* (Heitink 2007) moet verstaan word as 'n poging tot omvattende transformasie van die kerk in die 21e eeu.

Vir Heitink (soos reeds aangetoon) gaan dit egter om meer as Gemeentebou; dit gaan eerder om *Ekklesiologie as kerkopbou* (Heitink 2007:25). Wat Heitink duidelik insien, is dat dit ten diepste om ons verstaan van kerkwees gaan. Programme, empiriese ondersoeke, bestuursprosesse en leierskap (soos te vind is in baie gemeentebou programme) sal nie die verval van die kerk stuit as daar nie vernuwend oor kerkwees gedink word nie. Enige proses van transformerende kerkopbou moet by 'n grondige Ekklesiologie begin.

In sy Ekklesiologie onderskei Heitink (soos talle ander teoloë) tussen die kerk as instituut en die kerk as gemeenskap (Heitink 2007:37-42). Dit is vergelykbaar met die bekende onderskeid tussen die kerk as instituut en die kerk as organisme wat (byvoorbeeld) by A Kuyper en H Berkhof aangetref word. Heitink meen dat transformasie van die *kerk as instituut* sowel as van die *kerk as gemeenskap* noodsaaklik is.

Op die institusionele vlak beskryf Heitink die noodsaaklike transformasie van die kerk se *doelstellings*. Hy identifiseer vier doelstellings te wete inkulturasie, integrasie, evangelisasie en organisasie.

Hy identifiseer ook vier *funksies* wat belangrik is vir die kerk as gemeenskap, te wete kontemplasie, kongregasie, partisipasie en inisiasie. Ook hierdie funksies verg ingrypende transformasie.

Aan die hand van hierdie vier doelstellings en vier funksies ontwikkel Heitink 'n konsentriese benadering tot kerkwees (Heitink 2007:338), wat manifesteer in 'n sentrifugale en sentripetale beweging.

Dit is ook belangrik om te let op die sterk pneumatologies begronding van die kerk wat in Heitink se benadering sigbaar word. Daarin sluit hy by Moltmann, Van Ruler en Firet aan (Heitink 2007:41-42). Die kerk kan net in die kragveld van die Gees Kerk wees.

Die waarde van Heitink se bydrae is te vind in sy visie van 'n omvattende transformasie van die kerk, in teenstelling met fragmentariese benaderings wat net op enkele fasette van kerkwees fokus.

In België het **GL Goedhart** 'n belangrike bydrae gelewer met sy publikasie *Gemeente Opbouw* (Goedhart 1984). Daarin fokus hy op die gemeente as dienende, vierende, lerende en delende gemeenskap (Goedhart 1984:9). Verder fokus hy op die begeleiding van verandering, sodat die gemeente van Jesus Christus al meer kan word wat hulle reeds in Christus is (Goedhart 1984:13).

In die VSA is 'n enorme hoeveelheid navorsing op die terrein gepubliseer. Die *Church Growth Movement*, onder leiding van **D McGavran** en die *Fuller Theological Seminary* het oor dekades heen groot invloed uitgeoefen. In die *Church Growth Movement* literatuur vind ons by herhaling temas soos die plaaslike pastor as geroepe en bekeerde dienaar van Christus; die belang van die plaaslike gemeente; toerusting van lidmate en die missionêre aard van die gemeente se roeping en taak (sien as voorbeeld Miller 1986). Dit gaan om die groei, herstel, opbou en vestiging van kerke regoor die wêreld (McGavran 1955; McGavran & Wagner 1991).

Daar word deesdae sterk kritiek uitgespreek teenoor die *Church Growth Movement*. Daar is reeds verwys na A Hirsch se kritiek (Hirsch 2006:36). Volgens F Marais vertoon die *Church Growth Movement* die volgende kenmerke: Antroposentries, modernisties, strategies, te veel klem op individuele redding en te min belangstelling in sosiale betrokkenheid (vgl epos korrespondensie aangehaal in Ungerer 2010:119-121).

Dit is veral McGavran se handhawing van klasse, tale, subkulture en kultuurgroepe as *homogenous units* wat beskou word as sosiologies, psigologies, missiologies, eties en eksegeties onhoudbaar (sien in die verband Van der Kolm 2001:122-125). Verdere kritiek word gerig teen McGavran se verstaan van kerkgroei as teken van God se seën en omgekeerd, die verleentheid by gebrek aan groei.

Ook **M Nel** handhaaf 'n bepaalde afstand ten opsigte van die *Church Growth Movement*. Vir Nel gaan dit eerder om die wese, doel en funksie van die gemeente (Nel 1994:11). Gemeentebou moet homself voortdurend aan die Ekklesiologie en *missio Dei* oriënteer.

In die VSA is talle voorbeelde van teoloë wat hulle intens besig hou met die kerk, kerklike bediening en die heropbou van die kerk. Twee van dié teoloë wat groot invloed in Suid-Afrika uitoefen, is **R Warren** met publikasies soos *Purpose Driven Church* (Warren 1995); asook die Lutherse teoloog **P Keifert** (Keifert 1992). In Suid-Afrika het talle gemeentes spontaan en op eie inisiatief Warren se benadering begin implementeer. Keifert oefen groot invloed in Suid-Afrika uit deur die werk van die **Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes** (SAVGG). Talle gemeentes behoort aan hierdie netwerk met gereelde *cluster* byeenkomste.

In Suid-Afrika het verskillende teoloë aan die transformasie van die kerk aandag gegee, veral deur (1) die unifikasieproses van verskillende kerke en (2) implementering van gemeentebou prosesse.

As voorbeeld hiervan dien **C Burger**, met sy bydrae tot die vak Gemeentebou (Burger 1991 en 1999) asook die leiding wat hy as Moderator van die NG Kerk geneem het in die pogings tot unifikasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk. In die proses het talle dokumente die lig gesien wat handel oor die wese en doel van die kerk.

Verder het **M Nel** 'n groot bydrae tot gemeentebou gemaak, deur die Sentrum vir Kontekstuele Bediening, opleiding van studente en talle publikasies op die terrein.

Nel meen dat vernuwing in die kerk noodsaaklik is. Vernuwing is God se werk en God se wil (Nel 1994:15). Hy kwalifiseer vernuwing as vernuwing wat berus op die Woord van God, op die onderskeiding van die gemeente se identiteit in Christus en hulle roeping in die wêreld. In kort: *Die gemeente moet transformeer om te word wat dit reeds in Christus is.....* Die kloof tussen die

kerk as gedefinieerde subjek en empiriese subjek moet vernou word (Nel 1994:13).

Daar is ook reeds verwys na die Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes onder leiding van mense soos (onder andere) **F Marais** en **N Niemandt** wat 'n belangrike bydrae lewer tot transformerende kerkwees.

In die NHKA was dit veral **TFJ Dreyer** wat deur verskillende publikasies en as Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege leiding gegee het ten opsigte van transformasie in kerkwees en kerklike bedieningspraktyk.

Daar kan volstaan word met die waarneming dat 'n transformerende benadering tot kerkwees verskillende gestaltes aanneem. Die afgelope eeu was pogings om die kerk te transformeer uiteenlopend in benadering en resultate.

Almal wat hulle daarmee besig gehou het, het twee sake in gemeen: (1) Die kerk is steeds belangrik en moet opgebou word en (2) dit is noodsaaklik dat die kerk as instituut voortdurend transformeer, vernuwe, hervorm, verander. Dit impliseer 'n proses van de-institusionalisering maar ook weer her-institusionalisering. Soos reeds aangetoon, kan die kerk nie anders as om ook sigbaar, konkreet en struktureel gestalte te kry nie.

As dominante paradigma in hierdie benadering tot kerkwees dien die reformatoriese slagspreuk: *Ecclesia reformata, semper reformanda.*

'n Transformerende benadering tot kerkwees word deur sy eksponente beskou as wesenlik aan die kerk maar ook noodsaaklik vir die welwese van die kerk.

## 2.4. NIE-INSTITUSIONELE BENADERING TOT KERKWEES

*'n Derde benadering tot kerkwees plaas ek onder die opskrif **nie-institusioneel**.*

Hierdie benadering tot kerkwees se uitstaande kenmerk is 'n negatiewe beoordeling van tradisionele, institusionele vorme van kerkwees en die

standpunt dat die kerk as instituut die evangelie eerder verduister as verhelder. Daar word teruggegryp na Jesus en die vroegste, primitiewe Christelike kerk as die outentieke vorm van kerkwees.

As gevolg van hierdie benadering word daagliks nuwe Christelike geloofsgemeenskappe gevestig wat op 'n informele wyse versamel en funksioneer. Na beraming behoort reeds meer as 'n honderdmiljoen Christene aan nie-institusionele groepe.

Soos reeds aangetoon, onderskei **A Hirsch** tussen *apostolic mode of church, christendom mode* en *emerging-missional mode of church.* Die laaste twee is wat ek beskryf as *institusioneel en nie-institusioneel*.

Sy tipering van 'n *emerging-missional mode* is 'n goeie samevatting van 'n nie-institusionele benadering tot kerkwees.

*Dit kan soos volg met mekaar vergelyk word (vgl Hirsch 2006:64):*

| | **CHRISTENDOM MODE (313 AD TILL CURRENT)** | **EMERGING-MISSIONAL MODE (PAST 10 YEARS)** |
|---|---|---|
| **Locus of gathering** | Buildings become central to the notion, and experience, of church. | Rejects the concern and need for dedicated "church" buildings. |
| **Leadership ethos** | Leadership by institutionally ordained clergy, thus creating a professional guild operating primarily in a pastor-teacher mode. | Leadership embraces a pioneering-innovative mode including a fivefold ministry-leadership ethos. Non-institutional by preference. |
| **Organizational structure** | Institutional-hierarchical and top-down notion of leadership and structure. | Grassroots, decentralized, movements. |

| | | |
|---|---|---|
| **Sacramental mode (Means of grace)** | Increasing institutionalization of grace through sacraments experienced only "in church". | Redeems, resacramentalizes, and ritualizes new symbols and events, including the meal. |
| **Position in society** | Church is perceived as central to society and surrounding culture. | Church is once again on the fringes of society and culture. |
| **Missional-mode** | Attractional ("etxtractional" in missional settings….) | Missional; incarnational-sending; the church re-embraces a missional stance in relation to culture. |

Hirsch legitimeer sy nie-institusionele benadering tot kerkwees deur aan te toon dat dit grootliks ooreenstem met kerkwees in die tyd van die Nuwe Testament. Daarmee ontken hy nie die legitimiteit van bestaande kerke nie, maar beklemtoon dat 'n institusionele benadering tot kerkwees is gedateer, oneffektief en *outmoded* (Hirsch 2006:65). Hy wil dus nie *anti-institusioneel* wees nie, maar beskou sy benadering as 'n *holy rebellion* (Hirsch 2007:55).

Daarteenoor is **Viola & Barna** (2008) radikaal afwysend ten opsigte van 'n institusionele benadering tot kerkwees. Viola se anti-institusionele benadering word duidelik wanneer hy skryf:

*Not long after I left the institutional church to begin gathering with Christians in an organic way, I sought to understand how the Christian church ended up in its present state.*

(Viola & Barna 2008:xiii)

*So we would argue that on theological grounds, historical grounds, and pragmatic grounds, the New Testament vision of church represents the dream of God….. the beloved community that He intends to create and re-create in every chapter of the human story.*

(Viola & Barna 2008:xix)

Viola & Barna gaan dan verder om *organic church* te tipeer as *a church that is born out of spiritual life instead of constructed by human institutions and held together by religious programmes. Organic churches are characterized by Spirit-led, open-participatory meetings and nonhierarchical leadership* (2008:xix).

Viola & Barna se standpunt ten opsigte van 'n institusionele vorm van kerkwees word finaal duidelik wanneer hulle skryf: *We are also making an outrageous proposal: that the church in its contemporary, institutional form has neither a biblical nor historical right to function as it does* (Viola & Barna 2008:xx). Hulle toon aan hoe kerke se gebruike en tradisies ten opsigte van kerkgeboue, kleredrag, eredienste, prediking, offergawes en ampte van die Nuwe Testament verskil.

Hirsch (soos bo aangehaal) meen dat die *missional* en *emerging* benadering tot kerkwees veral die laaste tien jaar na vore getree het. In die kerkgeskiedenis is 'n nie-institusionele benadering tot kerkwees egter nie onbekend nie. Verskeie voorbeelde daarvan kan genoem word, soos byvoorbeeld die Anabaptiste Beweging in die 16e eeu; die Morawiese Beweging (Graaf von Zinzendorf) en Evangeliese Beweging (John Wesley) in die 18e eeu; die Mukyokai Beweging in Japan (olv Kanzo Uchimura) in die 19e eeu asook die Shepherding Beweging in die 20e eeu (vgl in die verband Kärkkäinen 2002:163ev).

Dit is opvallend dat talle skrywers die geskiedenis in periodes klassifiseer en die 21e eeu aantoon as nie-institusioneel of post-christenheid (Niemandt 2007:13-15). Dit is meer korrek om in te sien dat die essensie van wat vandag as nie-institusioneel verstaan word, deur die hele geskiedenis van die kerk teenwoordig was. Die nie-institusionele benadering het veral in sektariese groepe en afskeidingsbewegings na vore gekom en is met geweld deur die kerk en owerhede onderdruk.

Met *nie-institusioneel* word dus verwys na die fenomeen van 'n nie-institusionele benadering tot kerkwees wat reeds vir eeue bestaan. Vanweë die subversiewe aard daarvan, is en word dit dikwels onderdruk en geïgnoreer.

In resente literatuur word verskillende byvoeglike naamwoorde gebruik word om 'n nie-institusionele benadering tot kerkwees te beskryf. Ek noem enkele daarvan:

- *Organic church (Organiese kerkwees).* Die begrip *organies* word ontleen aan die biologiese wetenskappe. 'n *Organisme* is 'n lewende eenheid wat asemhaal en voortplant. Dit is deel van 'n ekosisteem, kan evolusionêr ontwikkel en voortdurend aanpas by nuwe omstandighede.

- *Emerging church (Ontluikende kerkwees).* Die begrip *ontluikend* het te doen met plante wat uit sade voortkom, ontluik, groei en weer sade versprei sodat nuwe plate kan ontluik.

- *Liquid church (Vloeibare kerkwees).* Die begrip *vloeibaar* het te doen met water (riviere) wat vloei en beweeg, wat lewe bring en nie stagneer nie.

- *Missional church (Missionale kerkwees).* Die begrip *missionaal* fokus op die roeping van die kerk om die evangelie uit te dra. In hierdie benadering word die apostolaat nie as 'n funksie van die kerk gesien nie, maar word die kerk gesien as wesenlik missionaal en die produk van die *missio Dei.*

- *Free church (Vrye kerk).* Die begrip *vrye kerk* fokus op die vrye assosiasie van gelowiges wat deur eie keuse en beslissing aansluit by 'n bepaalde geloofsgemeenskap.

*Dit is nodig dat van die begrippe verder opgehelder moet word:*

Die term *organies / organisme* is veral deur **A Kuyper** (1837-1920) bepleit (Trimp 1990:188ev). Hy het tussen die kerk as ***organisme*** en as ***instituut***

onderskei (Kuyper 1870). Die gedagte word herhaal in sy *Dictaten Dogmatiek: Locus De Ecclesia* (Kuyper 1910).

Kuyper verstaan die term *organisme* as ‘n lewende eenheid wat groei vanuit ‘n *inwendige lewenskiem* (Trimp 1990:189). Samehangende terminologie wat Kuyper benut is woorde soos *groei, ontwikkeling, vryheid, lewensbeginsel, veelheid van vorme, skeiding van kerk en staat, onsigbare kerk, liggaam van Christus.*

Dit berus op Kuyper se oortuiging dat God die mensheid as ‘n lewende organisme geskep het en dat die kerk, as nuwe en geredde mensheid, die voortsetting van die lewende organisme is.

Hierdie lewende organisme word sigbaar in die wêreld deur die lewe en optrede van gelowige, wedergebore mense.

Kuyper wys verder daarop dat die reformatoriese belydenisskrifte nie veel maak van die kerk as organisme nie, omdat die reformatore die fokus geplaas het op die gemeenskap van gelowiges wat deur die ware prediking versamel word. Die organiese eenheid met Christus is wel in verband gebring met die doop, waar die doophandeling die eenheid met Christus uitbeeld. Die samehang tussen wedergeboorte, doop, die eenheid met Christus en die kerk het egter min aandag gekry.

Die reformatore het dus (volgens Kuyper) nie ‘n omvattende Ekklesiologie ontwikkel nie, maar dit beperk tot die *notae ecclesiae* van verkondiging, sakramente en tug.

Met verwysing na Ef. 4, Rom. 12 en 1 Kor. 12 bespreek Kuyper die kerk as lewende organisme en wys hy daarop dat die geskiedenis aantoon dat wanneer die kerk nie meer as organisme funksioneer nie, dit in institusionalisme verval en agteruitgaan (Kuyper 1910:26-27).

Die insig wat Kuyper bied, is dat hoe meer die kerk as instituut funksioneer, hoe minder beleef die kerk (lidmate) die organiese eenheid met Christus. Daarmee verloor die kerk sy lewenskragtigheid.

Kuyper het ook die selfstandigheid en belangrikheid van die plaaslike gemeente beklemtoon. Volgens Heitink het hy F Schleiermacher (1768-1834)

daarin nagevolg. Schleiermacher het groot waarde geheg aan die vrye kerk, gebaseer op die algemene priesterskap van die gelowige. Daarmee het Schleiermacher die aandag van die instituut na die gelowige individu verskuif (Heitink 2007:35).

Kuyper se optrede tydens die Doleansie het uiteindelik gelei tot afskeiding van die Nederlands Hervormde Kerk wat (volgens Kuyper) verval het in ‘n doodse institusionalisme.

Met hierdie kort oorsig word dit duidelik dat baie van die gedagtes wat in die laaste twee dekades deur voorstanders van die organies-ontluikende benadering tot kerkwees verwoord word, reeds deur Kuyper verwoord is. Die praktiese implementering daarvan verskil egter radikaal.

**N Niemandt** het die gedagte van ***emergent churches*** of ***ontluikende kerke*** gedefinieer as ‘n beweging wat gevoed word vanuit verskillende kerklike tradisies, wat innoverend en nuut kyk na kerkwees (Niemandt 2007:55). Dit neem organies gestalte aan en groei tot iets nuuts.

Niemandt beskou ontluikende kerkwees as ‘n ***prototipe vir kerkwees*** in die 21e eeu.

Hy identifiseer, aan die hand Eddie Gibbs en Ryan Bolger van die *Fuller Theological Seminary* se analise nege geloofspraktyke wat tiperend is van ontluikende kerkwees (Niemandt 2007:61ev):

- Identifiseer met die lewe van Jesus Christus
- Transformeer die sekulêre lewe
- Beklemtoon kerklike gemeenskap
- Openheid teenoor vreemdelinge
- Diensbaarheid sonder bymotiewe
- Deelname deur gemeentelede
- Kreatiwiteit
- Leierskap deur netwerke
- Antieke geloofswaarhede in ‘n byderwetse kleed.

**P Ward**, in aansluiting by **Z Bauman**, verstaan ***Liquid church*** of ***vloeibare kerk*** as deel van 'n groter verskynsel wat *liquid modernity* genoem word (Bauman 2000; Ward 2002:16; De Groot 2007:240ev). Die huidige fase van modernisering word gekenmerk deur 'n vloeibare samelewing waarin vaste vorme en strukture stelselmatig verdwyn. In vloeibare moderniteit is netwerke belangrik (De Groot 2007:256).

Soliede moderniteit het 'n soliede kerk (institusionele kerk) tot gevolg gehad (Ward 2002:17ev). Soliede kerk word gekenmerk deur vaste strukture en eenvormigheid in terme van die erediens en bediening. Groot gemeentes is belangrik. Vergaderings, komitees en programme is van groot belang. Die kerk neem 'n historiese karakter aan. Dit bied herberg aan mense, waar hulle veilig kan wees en versorg kan word. Ward meen dat 'n vloeibare moderniteit na 'n vloeibare kerk vra.

Hy definieer dit soos volg:

*If we are to envisage a liquid church, then movement and change must be a part of its basic characteristic. We need to let go of a static model of church that is based primarily on congregation and buildings. In its place we need to develop a notion of Christian community, worship, mission and organization that is more flexible and responsive to change. The idea of flow is central in this shift in emphasis.*

(Ward 2002:41)

Ward voorsien dat 'n vloeibare benadering tot kerkwees sal berus op die konsep van *netwerke* (Ward 2002:41-43). Netwerke kan beskryf word as 'n vervlegting van sosiale eenhede wat op verskillende plekke aan mekaar vasknoop. Kommunikasie is fundamenteel belangrik vir netwerke.

Ook die kerk kan beskou word as 'n netwerk. Daarom is daar talle teoloë wat die standpunt inneem dat die kerk moet loskom van gemeentelike strukture. Christene moet volgens die opvatting in netwerke en groepe

versamel wat losweg verbind is diakonaal en missionaal in die wêreld diensbaar word en insidenteel saamkom vir lering, gebed en viering (De Groot 2007:257).

Na die Tweede Wêreldoorlog het al meer teoloë dit beklemtoon dat die kerk wesenlik ***missionaal*** is. Die apostolaat is nie net een van die take wat 'n kerk of gemeente verrig nie, maar is self die resultaat van die *missio Dei.*

Die term *missionaal* en *missionale kerk* het sy oorsprong in die VSA by 'n groep wat bekend geword het as *The Gospel and our Culture Network* (Hirsch 2006:81). Die GOCN het rondom die persoon van **L Newbigin** ontwikkel, wat na sy terugkeer uit Indië besef het hoe die Christelike geloof in die Westerse wêreld verval het. Missionale kerkwees het gefokus op die trialoog tussen geloof, kerk en kultuur. Die term het later baie meer vloeibaar geword en is vir 'n groot verskeidenheid van bewegings en benaderings aangewend.

Die naam van die Suid-Afrikaanse teoloog **D Bosch** moet ook in die verband genoem word**.** Bosch geniet wêreldwyd erkenning vir die wyse waarop hy die *missio Dei* uitgebou het tot een van die grondbeginsels van teologiese nadenke en kerkwees (vgl in die verband Bosch 1991).

Volgens Bosch was die invloed van **K Barth** van fundamentele belang om die idee van die *missio Dei* te vestig en ontwikkel. Barth het nie die presiese term gebruik nie, maar wel die inhoud daarvan verwoord. Barth se invloed op die ontwikkeling van die sending het sy hoogtepunt bereik by die Willingen Konferensie in 1952 (Bosch 1991:372).

Sending (en die roeping van die kerk) word verstaan vanuit die natuur van God, dit wil sê binne die leer oor die Triniteit. Die klassieke formulering van die *missio Dei* is dat die Vader die Seun na die wêreld stuur; die Seun stuur die Heilige Gees na die kerk en die wêreld.

Tydens en na die Willingen Konferensie is dit verder uitgebrei: God Drie-enig stuur die kerk na die wêreld. Die kerk en sending staan in die teken van God wat self met die wêreld op pad is (Bosch 1991:390).

Bosch gee die volgende definisie van die *missio Dei: Mission is not primarily an activity of the church, but an attribute of God. God is a missionary God* (Bosch 1991:390).

Ook Vaticanum II en die Ekumeniese Beweging het beklemtoon dat sending nie een van baie take is wat die kerk uitvoer nie; die kerk is in sy wese missionaal (Kärkkäinen 2002:151).

Eksegetiese studies wat na die Tweede Wêreldoorlog die lig gesien het, het groter duidelikheid gebied oor die missionêre karakter van die Christelike gemeente (Van Swigchem 1955:9).

Die *missio Dei* is verder deur **A Hirsch** ontwikkel. In sy missionale Ekklesiologie word die kerk verstaan as *missional-incanational* (Hirsch 2003:17). Die kern van missionale kerkwees is te vind in die inkarnasie van die kerk (Hirsch 2003:33). Die kerk moet as liggaam van Christus in die wêreld gestalte aanneem. Die kerk moet die beeld van Christus vertoon.

## 2.5. HISTORIESE EKSKURS: INSTITUSIONALISERING

Die onderskeidende kriterium wat hierbo in die Histories-vergelykende Ekklesiologie aangewend is, is *institusionalisme.* Dit is vervolgens nodig, by wyse van 'n kort historiese ekskurs, om aandag te gee aan die fenomeen van kerklike institusionalisering.

Die kerk het deur die eeue 'n gedaanteverwisseling en verandering in karakter ondergaan (Koekemoer 1995:601). Dit het verander van 'n lewende gemeenskap en dinamiese beweging, tot 'n instituut wat in vaste strukture gestol het.

**GJ Heering** tipeer hierdie oorgang (van beweging tot instituut) as die *sondeval van die Christendom* (Heering 1928).

Daarom wys **E Brunner** daarop dat die identifikasie van die *ekklesia* van die Nuwe Testament met die kerk as instituut, op 'n groot misverstand berus (Brunner 1960:34).

Dit beteken nie dat die sigbare kerk en kerklike strukture onbelangrik is nie. Inteendeel: Die Kerk van Christus *moet* in die wêreld sigbaar en diensbaar word om met Woord en daad van God se genade en liefde te getuig.

Hierdie dienswerk en getuienis word op eg menslike wyse georganiseer. So manifesteer die Kerk van Christus in tyd en ruimte en vertoon dit in meerdere

of mindere mate die eienskappe van 'n menslike organisasie (vgl De Groot 2007:30-33). Dit word egter problematies wanneer die kerk as instituut op die voorgrond staan. In die praktyk gebeur dit dikwels dat die wesenlike van kerkwees op die agtergrond skuif en verdring word deur struktuur, organisasie, programme en finansies.

Historiese gesproke, is daar enkele faktore wat bygedra het tot die proses van institusionalisering. Die faktore is die volgende:

**FAKTOR 1: VAN MAGTELOOS TOT INVLOEDRYK**

**Jesus Christus** het verkondig dat die koninkryk van God naby is en dat die mense hulle moet bekeer. Jesus het nie die kerk as instituut - met sy geboue, strukture, kanonieke Bybel, belydenisskrifte, teologiese opleiding, kerkordes, ampte en vergaderings - gestig nie (Küng 1976:43 ev; Van Aarde 1995:626-629).

Selfs bekende tekste soos Johannes 21:15-17 waar Jesus Petrus opdrag gee om sy skape te laat wei en Matteus 16:17-19 waar Petrus verneem dat hy die rots sou wees waarop die kerk gebou sal word, dui nie op die vestiging van 'n 'kerk' nie. **A van Aarde**, asook **H Conzelmann** en **A Lindemann**, meen dat die tekste nie histories na Jesus teruggevoer kan word nie (Van Aarde 1995:631; Conzelmann & Lindemann 1980:401ev).

Daar is ook geen *historiese gronde* om die stigting van die kerk aan Jesus (of aan die apostels) toe te skryf nie (Bakhuizen van den Brink 1979:30-31; Vermes 1993:214-215). Die kerk, in sy sigbare gestalte, is dus nie "gestig" nie. Daar bestaan egter tegelykertyd 'n diskontinuïteit en kontinuïteit tussen Jesus, die vroeë Jesus-beweging en die kerk (Van Aarde 1995:632-633).

Die ontstaan van die kerk kan dus nie teruggevoer word na 'n "stigtingsgebeure" nie, maar moet eerder as 'n *proses* of *beweging* verstaan word (Schillebeeckx:1974:38). Die vroeë volgelinge van Jesus is aangegryp deur sy alternatiewe wysheid wat verwoord is in kernagtige spreuke en die metaforiese verstaan van die koninkryk van God as 'n nie-hiërargiese,

denkbeeldige huishouding waarin al die lede van die huishouding op 'n gelyke wyse toegang tot die Vader het (Van Aarde 1995:629).

Die *huishouding van God* as metafoor vir die kerk was in die vroeë kerk van besondere belang, en het sy oorsprong in Jesus se eie verstaan van God as Vader (Van Aarde 1995:634).

Van Aarde toon verder aan wat die vereistes is (aan die hand van 'n sosiologiese ondersoek) vir 'n beweging om te verander in 'n faksie, dan 'n sekte en uiteindelik 'n kerk. Hierdie voorwaardes is gunstige omstandighede, nuwe visie, verwagting op sukses en ruimte vir verandering. Wanneer die voorwaardes bestaan gaan 'n groep deur 'n vormingsfase; deur 'n stormagtige periode van grensoorskreiding; samehorigheid op grond van bepaalde beginsels kom tot stand en dit lei tot aksie. In die hele proses is daar altyd die moontlikheid van ontbinding (vgl Van Aarde 1995:633-638). Ontbinding word 'n werklike moontlikheid wanneer 'n beweging stol in strukture (institusionaliseer).

Die eerste tekens van kerklike organisasie wat ons in die Nuwe Testament vind, staan nie in die eerste plek as *imperatief* opgeteken nie, maar as *indikatief*. Ons lees byvoorbeeld dat die dissipels reeds vroeg, in die oergemeente in Jerusalem, diakens aangewys het om die versorging van die armes te behartig (Hand 7), terwyl die apostels meer aandag aan gebed en die verkondiging van die Woord gegee het. Daardeur is nie 'n struktuur of organisasie geskep nie, maar uitdrukking gegee aan die Christelike liefde.

Ons lees ook dat die vroegste Christene vergaderings gehou het, oor leerkwessies beslis het en besluite geneem het oor verskillende werkterreine (Hand 15). Ook dit kan nie beskou word as 'n institusionele handelinge nie.

Die briewe in die Nuwe Testament gee 'n vlugtige beeld van hoe die vroegste kerk diensbaar was. Die gawes van die Gees, wat sigbaar word in dienswerk, het eers later in formele ampte verander.

Spesifieke sake het in die vroegste gemeentes aandag ontvang, byvoorbeeld die erediens (1Kor 14); dissipline (1Kor 5-10); versorging van die armes en weduwees (Hand 6); sending (Fil 1:5); finansies (Fil 4:15ev) en die

verhouding met die owerheid (Rom 13). Daar was egter geen vaste vorme of voorskrifte nie. Dit het eers heelwat later, in die vroeë katolieke periode (180-250nC), op vaste bane beland.

Jesus se volgelinge het rondom die Middellandse See versprei en orals in geloofsgemeenskappe versamel. Leiers is aangewys. Gelowiges, volgens hulle gawes, het bepaalde dienswerk gelewer. Christene het in klein groepies versamel en aanbid, gewoonlik in iemand se huis.

Christene is met tye vervolg en doodgemaak. Die bekendste vervolgings het plaasgevind tydens die regeringstyd van keiser Nero (1e eeu) asook Diocletianus (3e eeu). Dit het meegebring dat die kerk dikwels in die geheim moes funksioneer.

Dit wat ons vandag as vanselfsprekend beskou - kerkgeboue, kerklike organisasie, teologiese fakulteite en die kanonieke Bybel - was grootliks afwesig.

Ten spyte van die oënskynlike swak posisie waarin hulle verkeer het, het die getal Christene in die eerste eeue stelselmatig gegroei en toegeneem. Daar was verskeie redes waarom Jesus se volgelinge in die eerste drie eeu so vinnig vermeerder het (vgl Stark 1997:161-162; Hirsch 2006:18-22; Viola & Barna 2008:246-250):

- Die vroeë Christene het nie getwyfel aan die bestaan van God of die evangelie van Jesus Christus nie. Hulle was só oortuig daarvan dat hulle daarvoor gesterf het.
- Die Christene het verkondig dat God mense liefhet, dat ons mekaar moet liefhê en hulle het die liefde ten koste van hulleself teenoor alle mense – ongeag wie hulle is – uitgeleef.
- Die evangelie was nie 'n teorie nie, maar 'n lewenswyse. Hulle het 'n unieke lewenstyl gehandhaaf. Dit word byvoorbeeld sigbaar in die wyse hoe Christene met die huwelik en gesin omgegaan het. Mans het byvoorbeeld nie die algemene gebruik nagevolg om hulle vrouens te dwing om aborsies te ondergaan of van kinders ontslae te raak nie.

- Hulle was bereid om, selfs ten koste van hulle eie lewe, mense in nood te help.
- Die eenheid met Christus in sy dood en opstanding is eksistensieel beleef.
- Die Christelike geloofsgemeenskappe was losweg versprei rondom die Middellandse See en het nog nie in vaste strukture gestol nie, maar het vloeibaar en aanpasbaar gebly.
- Daar was sinvolle en aangrypende rituele - onder andere 'n inisiasie ritueel wat in die doop sy hoogtepunt gevind het.
- Die amp was nog nie "geprofessionaliseer" nie en die verkondiging van die evangelie is hoofsaaklik deur "gewone" mense behartig, dikwels deur diakens.
- Dit het gegaan om die eenvoudige en essensiële vereistes van dissipelskap: Geloof, gebed en getuienis deur woord en daad.

Die sosiaalwetenskaplike, **R Stark**, meen dat die getal Christene soos volg gegroei het (Stark 2007:312):

| JAARTAL | GETAL CHRISTENE (BY BENADERDING) | UITGEDRUK AS % VAN DIE ROMEINSE RYK |
|---|---|---|
| 50 nC | 1 000 | - |
| 100 nC | 7 000 | - |
| 150 nC | 40 000 | 0,07 |
| 200 nC | 200 000 | 0,35 |
| 250 nC | 1 100 000 | 1,9 |
| 300 nC | 5 900 000 | 9,9 |
| 350 nC | 31 700 000 | 52,9 |

Opmerklik in die tabel, is hoe vinnig die kerk gegroei het na Konstantyn keiser geword het. Konstantyn het na die dood van sy vader (306 nC) die troon bestyg maar is nie onvoorwaardelik as keiser erken nie (Latourette 1964:91-

92). Die proses sou eers in 323 nC afgehandel wees. Die Romeinse Ryk is deur 'n interne magstryd verdeel en die groot getal Christene het 'n belangrike politieke faktor geword. Dit was veral só, omdat die Christene in die belangrike stede van die Romeinse Ryk gesentreer was.

As gevolg van die steun wat die Christene aan hom kon bied, het Konstantyn in 313 nC die Edik van Milaan afgekondig waarmee amptelike erkenning aan die Christelike geloof gegee is. Daarmee het 'n nuwe bedeling tot stand gekom wat die aard en karakter van die kerk onherroeplik verander het.

Na die Edik van Milaan het die getal Christene dramaties toegeneem. Die erkenning en beskerming van die Christelike geloof deur die Romeinse keiser het vinnige groei moontlik gemaak, maar tegelykertyd die kerk ingrypend verander. Teen 350 nC was die Christene die meerderheid in die Romeinse Ryk. Dit het aan die kerk mag en aansien gegee. Spoedig het die kerk volledig as instituut gefunksioneer. Deur die eeue is die kerklike organisasie en strukture al meer versterk.

Volgens **A Hirsch** (2006:59-60) het die institusionalisering van die kerk toenemend sigbaar geword in:

- die verbintenis tussen kerk en staat;
- die hiërargiese ampstruktuur en die magsposisie van die pous;
- die konsilies en kanonieke reg;
- die kerk se invloed op die owerheid en beheer oor die regbank;
- die vestiging van Sondag as heilige dag;
- die verpligte kinderdoop as teken van inlywing in die kerk en Christelike samelewing;
- die vestiging van die "ortodoksie" as die algemene geloof wat almal onderskryf;
- die onderskeid tussen die ampte en lidmate van die kerk;
- die oprigting van kloosterordes
- die kerk se ongekende rykdom wat sigbaar geword het in die oprigting van aangrypende mooi kerkgeboue en katedrale.

Dit is duidelik dat groei in getalle 'n belangrike bydraende faktor tot die proses van institusionalisering was. Die kerk het mettertyd 'n identifiseerbare entiteit binne die sosiale struktuur van die Romeinse Ryk geword. Die klein groepies Christene wat aanvanklik in grotte, katakombes en privaat huise (vgl Viola & Barna 2008:9-15) bymekaar gekom het, het 'n al groter groep geword met geboue, mag, invloed en vaste strukture.

Die kerk het verander van 'n gemarginaliseerde minderheid tot die sentrale meerderheid. Dit het politieke en sosiale konsekwensies vir die Romeinse Ryk gehad.

Daar het nie net 'n *politieke* magstryd uitgebreek nie, maar ook 'n *kerklike* magstryd. Die belangrikste kerklike sentra (Aleksandrië, Antiochië, Konstantinopel, Jerusalem en Rome) en hulle biskoppe het met mekaar gebots oor leer en invloed. Dit het gelei tot die ontwikkeling van selfstandige en eiesoortige strukture, identiteit en kerklike praktyke. Uiteindelik het Rome en Konstantinopel as twee sentra na vore getree, wat kerklike ontwikkeling in die weste en ooste van die Romeinse Ryk gedomineer het.

Onderlinge konflik is aangevuur deur leerstellige verskille. Dit het kerklike vergaderings en konsilies nodig gemaak, omdat duidelikheid oor die suiwer leer verkry moes word.

Institusionalisering was nie net die gevolg van uiterlike strukture wat belangrik geword het nie, maar ook die gevolg van 'n verskuiwing in denke. Die evangelie van Jesus Christus het sy karakter as gebeure verloor. Die evangelie is al meer verstaan in terme van 'n noukeurig geformuleerde sisteem van geloofsreëls (Bosch 1991:194ev). Die "waarheid" was nie meer 'n Persoon nie, maar is geformuleer in abstrakte idees (Guder 2000:107).

As gevolg van 'n groei in getalle, dominante magsposisie in die Romeinse Ryk, gevestigde strukture, goeie organisasie en veranderende denksisteme het die kerk teen 400 nC 'n metamorfose ondergaan: Van magteloos tot invloedryk, van 'n beweging wat Jesus as Leermeester volg tot 'n instituut met vaste strukture.

**FAKTOR 2: CORPUS CHRISTIANUM**

Met die Edik van Milaan begin 'n era in die geskiedenis van die kerk, waarvan die uitstaande kenmerk die verweefdheid van kerk en staat was (Hirsch 2006:59). Hierdie verbintenis is geformaliseer toe Keiser Konstantyn die Christelike geloof gewettig het en Keiser Theodosius I dit in 380 nC as staatsgodsdiens verklaar het. Die godsdiens van die keiser was ook die godsdiens van die onderdaan. Ander godsdienste is verbied (Heitink 2007:33). Die Christelike keiser het toegesien dat die evangelie deur die hele ryk versprei, selfs deur van geweld gebruik te maak.

Dit het die tydvak van die *corpus christianum* ingelei, waar die liggaam van Christus nie net die kerk omvat het nie, maar die totale Christelike samelewing onder heerskappy van die Christelike vors en die biskoppe van die kerk. As dryfkrag agter die *corpus christianum* het die Christelike godsdiens 'n dominante invloed uitgeoefen in die vorming van die Westerse kultuur en beskawing (sien in die verband Durant 1950).

Die kerk en die Christelike vors het die belangrikste instellings van die samelewing geword. Die institusionalisering van die kerk is deur eeue heen uitgebou omdat die kerk en staat al meer verstrengel geraak het (Heitink 2007:33). Die kerk het oor al meer mag beskik. By tye was die pous selfs ook die keiser van die Romeinse Ryk.

Die *corpus christianum* het sonder onderbreking vir 15 eeue bly voortbestaan. Regdeur die Middeleeue, Renaissance en Kerkhervorming het die kerk sy invloed en magsposisie behou en is die kultuurchristenheid verder uitgebou. Aan die begin van die 16e eeu het die posisie van die kerk onaantasbaar gelyk. Die Rooms Katolieke Kerk as instituut het 'n dominante rol in Wes-Europa gespeel.

Binne hierdie konteks het **M Luther** in 1517 hom teen die Roomse aflaathandel verset. Teologies het Luther se verset gegaan oor die vraag: *Hoe vind ek, as sondaar, genade by God?* Kerklik (institusioneel) het dit egter om 'n ander vraag gegaan: *Wat is die mag en die reg van die pous?* Die Roomse kerk

het Luther se kritiek teen die aflaathandel nie in die eerste plek as 'n leerstellige kwessie beskou nie, maar as 'n aantasting van die pous se mag en sy reg om iets soos die aflaatbriewe beskikbaar te stel (Botha, CJ 1991:136-138). Die *kerk as instituut* was op die spel. Die gevestigde strukture en organisasie is bedreig.

Omdat Luther die instituut met sy instellings en strukture bedreig het, is hy geëkskommunikeer. Hierna het die Kerkhervorming as 'n *beweging* op dreef gekom. Duisende mense het daaraan deelgeneem. Hulle het geïdentifiseer met die waardes en die leiers van die Kerkhervorming.

Spoedig het die Kerkhervorming, wat as versetbeweging begin het en eietyds as revolusionêr beskou is, nogmaals in institusionele strukture gestol. Die Lutherse, Calvinistiese en Anglikaanse kerke het (onder voortgaande invloed van die *corpus christianum* denke) as nasionale – en volkskerke gevestig geraak. Hierdie kerke het teenoor die mag van die pous en die Rooms Katolieke Kerk stelling ingeneem. Nuwe strukture, ampte, belydenisskrifte en kerkordes is geskep.

**J Calvyn** het van die kerk as *moeder* en *heilsnoodsaaklike instituut* gepraat (Inst.IV.1.5.). Dit het gebou op sy onderskeid tussen die *sigbare en onsigbare* kerk. Die onsigbare kerk is die gemeenskap van ware uitverkorenes en gelowiges. Net God ken en bepaal die omvang van die onsigbare kerk. Daarteenoor staan die sigbare kerk as *corpus permixtum*, maar steeds as heilsnoodsaaklike instituut.

Calvyn het as regsgeleerde daarin geslaag om 'n nuwe kerkorde en ampstruktuur te skep wat tot vandag 'n wesenlik invloed op die funksionering van reformatoriese kerke uitoefen en steeds van groot waarde is. Maar dit het ook daartoe bygedra dat die institusionele denke tot in die diepste weefsel van reformatoriese kerke gevestig is en dat die *corpus christianum* in Protestantse gebiede en reformatoriese kerke bly voortleef het.

In die Calvinistiese Kerkhervorming het 'n besondere band tussen kerk, volk en owerheid ontwikkel (vgl. In die verband Dreyer 1995). Dit het gelei tot die voortsetting van die *corpus christianum* en die vestiging van volkskerke en staatskerke.

Daar word hier (ter wille van die argument) enkele voorbeelde van Calvinistiese nadenke oor die saak aangebied, aangesien dit van besondere belang is wanneer verder oor die NHKA se volkskerklike kerkbegrip gehandel word.

Haitjema (aan die hand van Bohatec se uiteensetting) beskou die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid as die kern van Calvyn se staatsbeskouing (Haitjema 1957:1137). In hierdie beskouing vorm die volk die liggaam, die owerheid die hoof en die kerk die hart van een lewende organisme. Calvyn het die totale bevolking van Genève as Christene en lidmate van die kerk beskou. Genève het bestaan uit een volk, een owerheid en een kerk. Die hele stad is in wyke opgedeel en ouderlinge moes in elke wyk huisbesoek doen om toe te sien dat almal hulle in leer en lewe gedra.

Elkeen was verplig om hom aan die burgerlike - sowel as kerklike regering te onderwerp, want almal was tegelykertyd lidmate van die kerk en burgers van die staat. Calvyn het op grond van sy verstaan van die verbond 'n teokratiese visie van die *respublica christiana* ontwikkel (Pont 1986:32)

'n Tweede voorbeeld: In 1561 het **G De Breye** 'n belydenisskrif opgestel. Dit het ooreengestem met die Franse Geloofsbelydenis waarin Calvyn 'n groot aandeel gehad het. Dit is waarskynlik in 1563 deur `n geheime sinode van die Kerk onder die Kruis as geloofsbelydenis aanvaar. Die Sinode van Antwerpen het dit in 1565 volledig hersien en as belydenis aanvaar. In Artikel 36 van die *Confessio Belgica* lees ons *Credimus benignum illum Deum nostrum, ob generis humani depravationem, Reges, Princepes et Magistratus constituisse; ac velle, ut mundibus legibus et certa politia gubernetur ad confusionem hominum coërcedam utque omnia inter homines recto ordine gerantur……* (vgl teks in Bakhuizen van den Brink 1940:135). Dit is duidelik dat die owerheid, deur God ingestel, nie net verantwoordelik is om goeie orde onder die landsburgers te handhaaf nie, maar ook ter wille van die kerk te regeer.

'n Derde voorbeeld: **T Beza** was Calvyn se opvolger in Genève. In sy *De iure magistratuum in subitos, et officio subitorum erga magistratus* (Beza [1574]1956) bou hy die Calvinistiese staatsbeskouing verder uit. Hierdie dokument het oor eeue heen groot invloed uitgeoefen, onder andere in

Nederland en tydens die opstel van die Amerikaanse Grondwet (vgl in die verband Murray 1962).

In teenstelling met beroemde regsgeleerdes soos Andrea Alciati by wie Calvyn in 1529 in Bourges studeer het (Cottret 2000:23), verwerp Calvyn en Beza die *ius majestatis* en stel Beza dat 'n volk nie ter wille van 'n vors bestaan nie, maar regeer 'n vors ter wille van sy volk (Beza [1574]1956:30). Hierin word die vroeë demokratiese denke, wat kenmerkend van die Calvinisme is, duidelik sigbaar.

As voorbeeld gebruik hy die volk Israel, wat bestaan het lank voordat die koningskap met Saul se kroning ingestel is. Hy wys verder daarop dat koning Saul, en ook Dawid, deur die wil van die volk daargestel is. Hierdie voorrang wat die volk bo die owerheid geniet, word ook in die geskiedenis van verskillende volke bevestig, in die natuurreg en deur filosowe soos Aristoteles en Plato (Beza [1574]1956:31).

Volgens Beza is God die oorsprong van alle owerhede en magte. In die verband word na Romeine 13 verwys. Die doel waarom God owerhede daargestel het, is om die kwaaddoeners te straf en in toom te hou, en die wetsgehoorsame mense en die kerk van Christus te beskerm (Beza [1574]1956:31). Daarom moet die kerk en die volk die owerheid, as dienskneg van God, respekteer.

Die owerheid moet volgens Beza aan God onderhorig wees. God roep die owerheid in aansyn en gee die wet aan hulle. Hierdie goddelike wet is in die Heilige Skrif vervat. Die owerheid se primêre taak is dus nie om wette uit te dink nie, maar om die goddelike wet toe te pas. Daarom staan die owerheid altyd onder die wet, en kan die owerheid nooit bo die wet verhef wees nie (Beza [1574] 1956:42). Die owerheid en vorste is dus nie die bron van die wet nie, maar God self.

Met hierdie staatsbeskouing het Calvyn en Beza bygedra tot die voortsetting van die *corpus christianum.*

'n Vierde voorbeeld: Die debat oor die verhouding tussen kerk, volk en owerheid het tussen 1600 en 1660 in **Engeland** sy hoogbloei bereik. Daar het 'n

enorme hoeveelheid publikasies die lig gesien wat gepleit het vir *godly rule, godly government, godly bishop, godly nation and godly parliament* (vgl in die verband Lamont 1969).

Met hierdie enkele voorbeelde word dit duidelik dat die *corpus christianum* gedurende die 16e en 17e eeu in die Protestantse gebiede voortbestaan het en verder uitgebou is. Dit was net sommige van die radikale Doperse groepe wat die gesag van die wêreldse owerhede verwerp en probeer het om "suiwer" geloofsgemeenskappe te vestig. Die reformatore, daarenteen, het die opkomende nasionale state in Europa aan die hand van hulle teokratiese werklikheidsverstaan gestruktureer en uitgebou.

Die ideaal van *een kerk, een volk, een owerheid (*die kern van die *corpus christianum*) is nie net deur Protestante nie, maar ook deur Roomse kerk en owerhede nagestreef. In talle gebiede het dit 'n verbete magstryd tussen Roomse en Protestantse burgers en politieke leiers tot gevolg gehad.

Die godsdiensoorloë, wat in die eerste dekades van die 17e eeu gewoed het, het gelei tot onbeskryflike lyding, armoede, hongersnood en die dood van miljoene mense in Wes-Europa (Pillay 1991:177).

Die verwoesting, geweld en armoede het gelei tot 'n massale migrasie van mense na die Nuwe Wêreld, wat in dié tyd deur ontdekkingsreisigers toeganklik gemaak is.

Die Nederlandse Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) het in 1652 aan die suidpunt van Afrika 'n verversingspos vir sy skepe gevestig.

In 1688 het Franse Hugenote, wat gevlug het vir die godsdiensstryd in Europa, hulle aan die Kaap gevestig. Die Hugenote was nie net bekend vir hulle godsdienstige oortuigings nie, maar ook vir hulle demokratiese en republikeinse sentimente. Dit het later duidelik geword in die geskrifte en optrede van die Kaapse Patriotte (vgl Beyers 1967).

Beide die Nederlandse en Franse nedersetters was oortuigde Calviniste. Byna vanselfsprekend het die verbintenis tussen kerk, volk en owerheid - as grondpatroon van die samelewing – aan die Kaap gevestig geraak (vgl Dreyer 1995).

Soos reeds aangetoon het alternatiewe vorme van Christelike gemeenskappe, in reaksie teen kerklike institusionalisme en die verwoestende magstryd, na vore gekom. Konventikels, huisgemeentes en Bybelstudiegroepe wat los van (en somtyds teenoor) staatskerke funksioneer, het 'n bekende verskynsel geword.

**FAKTOR 3: MODERNISME**

Die Modernisme het (wat die kerk betref) soos 'n dreigende wolk op die horison verskyn. Die magsposisie van die kerk is ondermyn en die *corpus christianum* is stelselmatig vernietig. Die effek van Modernisme en die modernisering van die samelewing is deur **G Heitink** aangetoon (Heitink 1993 [2000]:45-52).

Een van die uitstaande kenmerke van die Modernisme, is die rol van **wetenskap en tegnologie.** Die mens het sy omgewing deur tegnologie bemeester. Die lewe word deur tegnologie veiliger en makliker gemaak. God word nie meer benodig om gelukkige te kan lewe nie. **D Bosch** kom tot die gevolgtrekking dat *the advance of science and technology and, with them, the worldwide process of secularization seem to have made faith in God redundant* (Bosch 1991:3, vgl ook 262-274). Nie net het geloof in God oorbodig geword nie, maar daarmee saam die kerk as geloofsgemeenskap.

Dit was veral tydens die **Verligting** (17e en 18e eeu) dat die kerk en geloof aan ernstige kritiek onderwerp is. Filosowe en wetenskaplikes, in modernistiese en positivistiese hubris, kon selfs tot die gevolgtrekking kom dat God dood is. **K Barth** tipeer die Verligting as *den optimistischen Versuch des Menschen das Leben mittels seines Verstandes zu meistern* (Barth 1947:16).

Hierdie rasionalistiese magsgreep op die werklikheid, wat ook in die teologie-as-wetenskap sigbaar geword het, het 'n kritiese houding teenoor enige vorm van dogma, godsdienstigheid en kerklikheid laat posvat. Die kerk en godsdiens is as onredelik (en selfs belaglik) verwerp (Dreyer 1951:12). Denkers soos Voltaire (1694-1778) en Diderot (1713-1784) het op grond van rasionele oorwegings probeer aantoon dat die

Christelike geloof innerlike en logiese teenstrydighede bevat. Hierdie kritiek is in daaropvolgende eeue deur talle filosowe en akademici voortgesit.

Die eksponensiële groei in die mens se kennis en tegnologiese vermoëns, het gelei tot die modernisering van vervaardigingsprosesse en duisende nuwe fabrieke wat in produksie gegaan het. Die **Industriële Rewolusie** het miljoene mense na die stede gelok (Pillay 1991:187ev). Die tipiese agrariese gemeenskappe met 'n vaste ritme van seisoene en die weeklikse besoek aan die kerk, in afhanklikheid aan God, was vir baie mense iets van die verlede.

Die kerk daarenteen, het volhard met die dieselfde patroon. Van mense is verwag om op 'n Sondag die kerk te besoek - selfs in omstandighede waar fabrieke sewe dae per week in produksie was. Vaste strukture en die oortuiging dat 'n Sondag die enigste heilige dag is, het veroorsaak dat die kerk oor eeue heen die stadsmens aan sy lot oorgelaat het. Die proses van industrialisasie en verstedeliking is steeds aan die gang, veral in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika. En die kerk vind dit steeds baie moeilik om tred te hou met die mense wat noodgedwonge deel is van dié proses.

Aan die einde van die 18e eeu, na die Franse Rewolusie, het die **politieke landskap** in Europa onherroeplik verander. Die koning is vervang met 'n demokrasie en parlement. Dit het die tradisionele instellings en gesagstrukture (ook van die kerk) afgebreek. Na die Dertigjarige Godsdiensoorlog (1648), maar veral ook die Franse Rewolusie (1783) het die skeiding van kerk en staat al meer die norm geword. Die kerk het toenemend sy magsposisie verloor. Godsdiensvryheid het 'n algemeen aanvaarde beginsel geword (Pillay 1991:176ev).

Opvallend genoeg, was dit juis die verwoesting in die naam van die kerk en godsdiens wat die beginsel van geloofsvryheid aanloklik gemaak het en ook talle mense van die kerk vervreem het. Die skeiding tussen kerk en staat was die doodsklok vir die *corpus christianum,* hoewel die verband tussen kerk, volk en owerheid in verskeie lande nog vir 'n tyd voortgeleef het. Die *corpus christianum* het *de iure* tot 'n einde gekom, maar in baie gevalle *de facto* bly voortleef.

Met die opstel van 'n Handves van Menseregte, ontwikkeling van universele menseregte en 'n uitgebreide regstelsel, het mense nie meer nodig gehad om in die Bybel te soek na 'n **waardesisteem** nie. Die vraag na reg en verkeerd, na goed en

kwaad, is deur filosowe, politici, regsgeleerdes en kunstenaars beantwoord. Die deursnee burger het groot waarde aan redelikheid, ordentlikheid en die innerlike goedheid van die mens geheg. Hy het hierdie wêreld met al sy goeie gawes aanvaar en geniet. Burgerlike godsdiens het in diens van welvoeglikheid gestaan.

**PS Dreyer** meen die behoefte aan 'n gelukkige bestaan na die dood, was (en is) nie hoog op die agenda nie. In sulke omstandighede was baie mense eerder vanweë sosiale dwang of tradisionele gebruik lidmaat van die kerk, as vanweë oortuiging (Dreyer 1951:3-13).

Met die **sekularisering** van die samelewing en groter geloofsvryheid in die 19e en 20e eeu, het burgerlike godsdiens onder druk gekom en het die kerk begin om miljoene lidmate te verloor (Bosch 1991:3).

Ontdekkingsreisigers het nuwe wêrelddele ontdek. Kolonies is gevestig en handelsroetes geopen. Dit was die begin van 'n globale ekonomie maar meer nog - 'n omvattende **globalisering.**

Opsommend kan gestel word dat modernisering en verandering dit vir die kerk bykans onmoontlik maak om 'n toepaslike bediening in stand te hou.

Die kerk het op verskillende maniere op die Modernisme gereageer, wat verdere institusionalisering in die hand gewerk het:

- Eerstens het die kerk (en teologie) die Modernisme aangegryp en probeer om die kerk (en teologie) op wetenskaplik-positivistiese wyse te bedryf (Pillay 1991:212ev).

- Op 'n tipies modernistiese wyse is gepoog om probleme op 'n meganiese wyse op te los. Daar is gefokus op beheer, kontrole, begrotings, bestuur en strategiese beplanning. Dit het die institusionalisering van die kerk verder versnel (Niemandt 2007:39ev).

- Die kerk het die Modernisme as 'n enorme bedreiging ervaar. In sulke omstandighede is organisasies gestig wat die Christelike samelewing moes red en verdedig. Talle organisasies wat moes sorg vir Christelike onderwys, sending, maatskaplike dienste, jeug, vroue, politiek, publikasies en vele meer is gestig. Ook

dit het die verdere institusionalisering en versuiling van die kerk en samelewing bevorder (Heitink 2007:51ev).

**FAKTOR 4: KONVERGENTE DENKSISTEME**

Die 20e en 21e eeu word gekenmerk deur diversiteit en 'n konvergensie van verskillende denksisteme. Prakties beteken dit dat baie lidmate en ampsdraers steeds premodernisties dink, die kerk (as instituut) vasgevang is in modernistiese strukture en denke, terwyl die samelewing reeds postmodernisties is. **K Callahan** skryf:

*This is not a post-Christendom time, as fortunate as that would be……. We live in a megadigm time. I invented this term to describe the remarkable time in which we live. A megadigm is a time where there is a convergence of multiple paradigm shifts, interacting simultaneously with one another and therefore creating a new age, a markedly new time in the course of human history and human development.*

(Callahan 2002:2-4)

Hy identifiseer verskillende paradigmaskuiwe wat tegelykertyd plaasvind:

- *The shift from institution to movement.*
- *The shift from commitment to compassion.*
- *The shift from this planet to the stars.*
- *The shift from a solid marathon runner to an excellent sprinter culture.*
- *The shift from top-down maintenance to grassroots mission.*
- *The shift from controlling and directing to creativity and objectives.*
- *The shift from focus on the parts to the focus on the whole.*

**N Niemandt**, op sy beurt, beskryf die akkumulatiewe effek van konvergente denksisteme as die "perfekte storm". Hy onderskei tussen Postmodernisme, Postchristenheid en Globalisering as drie denksisteme wat die perfekte storm veroorsaak (Niemandt 2007:10-23).

Niemandt het ook 'n baie bruikbare analise van die oorgang van Modernisme na Postmodernisme gemaak. – 'n oorgang wat dikwels geweldige spanning en konflik in die kerk veroorsaak. Dit kan (met my eie beklemtoning en enkele aanpassings) soos volg saamgevat word:

| **MODERNISME** | **POSTMODERNISME** |
|---|---|
| **BEHEER**<br>Dinge moet ordelik geskied. Die Kerkorde is belangrik.<br>Gemeentes word gekontroleer aan die hand van verslae want sentrale beheer en bestuur is belangrik. | **SAMEWERKING**<br>Eie inisiatief word geduld.<br>Lidmate aanvaar verantwoordelikheid en speel 'n groot rol.<br>Elke gemeente funksioneer in terme van eie konteks. |
| **MEGANIES**<br>Vertrou op wetenskap en masjinerie om die wêreld te verbeter.<br>In die kerk is daar groot vertroue in programme en resepte vir kerkgroei. | **ORGANIES**<br>Fokus op ekosisteme en sien die samelewing as lewende en dinamies veranderende organisme.<br>Die kerk word organies verstaan. |
| **ANALITIES EN KRITIES**<br>Alles word in kleiner eenhede opgebreek met die doel om dit te verstaan en beheer.<br>Die Bybel en geloof word krities-rasioneel hanteer en daar is min ruimte vir emosionele belewenis van geloof. | **KONTEKS**<br>Klem op sisteemdenke en 'n holistiese benadering.<br>Die Bybel word in konteks verstaan en geloof word as emosie verstaan, eerder as denke. |
| **OBJEKTIEF**<br>Die oortuiging bestaan dat met genoeg navorsing absolute waarhede te vind is.<br>Dit lei tot 'n objektivering van die Bybel en geloof. Lei tot radikale ongeloof en kerkverlating. | **RELASIONEEL**<br>Intersubjektiwiteit en verskillende perspektiewe is waardevol.<br>Waarheid is kollektief en kontekstueel.<br>Geloof gaan om die skep van nuwe verhoudings met God en ander mense. |

| | |
|---|---|
| **NORMALITEIT**<br>Onsekerhede word uit die weg geruim en alles is voorspelbaar.<br>Deur wetenskap en tegnologie kan die toekoms onder beheer gebring word. | **CHAOS**<br>Die norm is eerder chaos as normaliteit.<br>Onsekerheid is kenmerkend en word nie bedreigend beleef nie, maar as nuwe geleenthede. |
| **ORGANISASIE**<br>Strukture, goeie organisasie en korrekte prosedures is belangrik want dit sal sukses waarborg. Die instandhouding van strukture word 'n doel opsigself. | **NETWERK**<br>Klem val eerder op netwerke en plat strukture.<br>Leierskap en spanwerk is belangrik.<br>Min waarde word geheg aan 'n hiërargie en belangrike mense. |
| **INDIVIDUALISME**<br>Menseregte en die vryheid van die individu is belangrik.<br>Dit gaan om persoonlike geloof en betrokkenheid by 'n gemeente is onbelangrik. | **GEMEENSKAP**<br>Nuwe waarde word aan groepe en geloofsgemeenskappe geheg.<br>Verantwoordelikheid teenoor ander en gemeenskapsprojekte is belangrik. |
| **POLEMIEK**<br>Verkeerdhede word uitgewys.<br>Leersuiwerheid is 'n deug. Verskille tussen gelowiges moet ten alle koste uit die weg geruim word. Diversiteit word nie geduld nie. | **KONVERGENSIE**<br>Integrasie en konvergensie. Waardering vir ander se standpunte en diversiteit is waardevol. Eenheid in verskeidenheid.<br>Ooreenkomste word gesluit. |
| **VERBRUIKERSMENTALITEIT**<br>'n Mens se waarde word bepaal volgens wat hy besit (Materialisme). Die kerk voldoen aan mense se verbruikersbehoeftes.<br>Godsdiens is 'n kommoditeit. | **RENTMEESTERS**<br>Rentmeesterskap en sosiale verantwoor-delikheid. Omgewingsbewaring is belangrik.<br>Kritiek teen kerke se oënskynlike materialisme en klem op finansies. |
| **KOLONIALISME**<br>Mense word beheer en gedomineer.<br>Inheemse kultuur en taal is onbelangrik.<br>Die sendeling se kleredrag en gewoontes word nagevolg. | **IDENTITEIT**<br>Verwerping van oorheersing en die waardering van eie, inheemse kultuur en identiteit.<br>Sending maak erns met inheemswording en inkulturasie. |

In ‘n vreesagtige reaksie teen die opkomende diversiteit in denksisteme en gepaardgaande konflik, asook die ervaring van dreigende chaos en agteruitgang, poog kerke om bestaande strukture te versterk en in stand te hou. Die bestaande is die norm en die verlede word geïdealiseer. Dit versterk die dominante institusionalisme in kerke nog verder.

Samevattend: Ons het gesien dat die groei in die getal Christene, die vestiging van die *corpus christianum*, die opkoms van die Modernisme en konvergente denksisteme tot die institusionalisering van die kerk gelei het. In die proses het die kerk toenemend gestol in formele strukture en gebruike.

Vervolgens moet, vanuit ‘n histories-vergelykende perspektief, aangetoon word hoe hierdie proses ook in die NHKA manifesteer.

## 2.6. SISTEEMVERHAAL VAN DIE NHKA

**A Hirsch** het daarop gewys dat ‘n omvattende transformasie van kerke net moontlik is wanneer ‘n akkurate analise van ‘n kerk se sisteemverhaal gedoen word. Hy sê onder andere:

> *Restructure the organization and leave the systems story in place and nothing changes within the organization. It is futile to revitalize the church, or a denomination, without first changing the system………*
>
> (Hirsch 2006:50-54)

Omdat hierdie proefskrif spesifiek na die NHKA verwys, is dit nodig om dit wat hierbo oor verskillende benaderings tot kerkwees en institusionalisme geskryf is, op die NHKA toe te spits.

Daar is reeds die opmerking gemaak dat die NHKA ‘n dominante institusionele benadering tot kerkwees vertoon. Die *sisteemverhaal* van die NHKA wat hier aangebied word, sal bevestig dat die NHKA as *institusioneel* getipeer kan word.

Vanaf 1652 het die gemeentes aan die Kaap van Goeie Hoop onder toesig en beheer van die VOIC (as plaaslike owerheid) en die Klassis van Amsterdam gestaan. Die eerste sinodale vergadering het eers in 1824 in Kaapstad sitting geneem. Daarmee het 'n selfstandige kerk in Suid-Afrika tot stand gekom en is die formele band (klassikale toesig) tussen die Nederlands Hervormde Kerk en die Kaapse gemeentes opgehef.

Die verbintenis tussen die Nederlandse- en Kaapse kerke, het sedert die 17e eeu meegebring dat die *corpus christianum* in Afrika sy voortgang gevind het. Ook aan die Kaap was kerk, volk en owerheid organies verweef en was die onderhorigheid van die kerk aan die owerheid as vanselfsprekend aanvaar (vgl Dreyer 1999:9-56).

Die Groot Trek van grensboere na die binneland van Afrika het in 1836 begin. Teen 1852 het die Voortrekkers ten noorde van die Vaalrivier politieke selfbeskikking van die Britse owerheid ontvang. Met die Konvensie van Sandrivier het die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR) tot stand gekom.

Met die eerste Algemene Kerkvergadering in die ZAR (1853) is besluit om die kerk los van die Kaapse kerk te organiseer, op grond van (1) praktiese redes; (2) land- en kerkgrense het ooreen geval en (3) die invloed van die Britse regering in die Kaapse kerk. Sedert 1853 bestaan daar dus twee gereformeerd/hervormde kerke in Suid-Afrika, grootliks te wyte aan die deurwerking van die *corpus christianum* met die gepaardgaande verbintenis tussen kerk en owerheid. Staatkundig vry, wou die Voortrekkers ook kerklik onafhanklik wees (vgl in die verband Dreyer 1999:90; Storm 1989:692).

Die eerste taak wat die burgers van die ZAR ter hand geneem het, was om 'n Grondwet op te stel. Die Grondwet is een van die vroegste amptelike dokumente waarin die eenheid tussen kerk, volk en owerheid sigbaar word.

Die Grondwet van die ZAR, wat in 1858 gepubliseer is, omskryf die NHKA se voorregte en posisie in die ZAR breedvoerig. Een voorbeeld daarvan vind ons in Artikel 26: *Het (volk) erkent geen ander kerkelyk gezag dan dat, wat door kerkeraden zyner Ned. Hervormde gemeenten is of wordt goedgekeurd, aangenomen en vasgesteld* (SA Argiefstukke Tvl.no.3:382).

In die 1858 Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek word die NHKA as 'n bevoorregte staatskerk beskou. Dit was in wese niks anders as 'n voortsetting van die *corpus christianum* nie. Die NHKA was organies een met die owerheid en die volk. Die ideaal van een kerk, een volk en een owerheid het in wetgewing gestalte gevind - maar in die praktyk was daar steeds enorme politieke en kerklike verskille wat bykans op burgeroorlog uitgeloop het.

Die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid wat in wetgewing verwoord is, sou spoedig vernietig word met die afskeiding van die Gereformeerde Kerk in 1859.

Daarbenewens was daar altyd lidmate wat die verbintenis met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaap wou behou. Vanaf 1866 het hulle begin om gemeentes in die ZAR te vorm. Die proses is versnel met die koms van ds FL Cachet na die ZAR. Hierdie gemeentes het om verskillende redes (o.a. beweerde teologiese liberalisme) geweier om onder die opsig van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA te staan.

Die Nederduitse Gereformeerde gemeentes in die ZAR het probeer om hulle onder die opsig van die Kaapse Sinode te stel. Die wetlike situasie het dit egter onmoontlik gemaak. Na die uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof dat die Kaapse kerk geen jurisdiksie buite die grense van die Kaapkolonie het nie, het die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n selfstandige sinode in die ZAR gevorm.

In 1877 het Groot Brittanje die ZAR beset en politieke beheer geneem. Na die Slag van Amajuba en die afloop van die Eerste Anglo-Boere Oorlog, het die ZAR in 1882 weer sy politieke selfstandigheid verkry.

Die oorwinning oor die Britse besettingsmag het 'n opwelling van nasionalisme in die ZAR veroorsaak. In die branding van 'n nasionale eenheidsgevoel, is gepoog om die gereformeerde kerke in die ZAR te verenig. Die poging tot kerkvereniging in die ZAR is grootliks beïnvloed deur die ideaal van één kerk, één volk en één owerheid in een land.

Die verenigingsproses het om verskillende redes misluk. Na afloop van die mislukte kerkvereniging (1885-1886), het die Algemene Kerkvergadering in 1888 'n *Broederlijke Schrijve* na al die gemeentes en lidmate van die NHKA gestuur. In hierdie dokument word onder andere gesê die NHKA is *de Kerk onzer vaderen, de Kerk van het volk dat de Republiek heeft gesticht.... De mannen die de Republiek in het staatkundige*

*gesticht hadden, gevoelden zich in staat ook een eigen Kerk op te richten: Voor het volk, om het volk en door het volk* (Handelinge van die Algemene Kerkvergadering 1888:91).

Só 'n uitspraak is net moontlik wanneer die *corpus christianum* die vanselfsprekende (alhoewel versweë) bestaanswyse van die kerk is. Kerk, volk en owerheid was een organisme.

Hoewel die eenheid tussen kerk, volk en owerheid met die vestiging van verskillende kerke en die finale oorname van die ZAR deur Brittanje (na die Tweede Anglo-Boere Oorlog 1899-1902) versplinter het, het dit binne die teologie, etos en praktyk van die NHKA bly voortleef. Dit is op verskillende maniere in die Kerkwet verwoord (vir 'n meer volledige oorsig oor hierdie geskiedenis sien Dreyer, WA 2006).

Daarom is dit nie vreemd dat die begrip *volkskerk* na die Tweede Wêreldoorlog so maklik inslag in die NHKA gevind het nie. Teoloë van die NHKA het die Nederlandse debat oor die apostolaat en die volkskerk gevolg en die terminologie benut om uitdrukking te gee aan 'n eiesoortige kerkbegrip en kerklike bedieningspraktyk.

*Die begrip volkskerk is om verskeie redes in die NHKA benut:*

- Dit is aangewend om die *apostolaat* te bevorder. Op grond daarvan is 'n inheemse kerk vir swart mense gestig.

- Dit is aangewend om uitdrukking aan God se heerskappy oor kerk en samelewing te gee, dus 'n *teokrasie.* 'n Voorbeeld hiervan was die kerk se ondersteuning aan en bevordering van Christelik-nasionale onderwys.

- Die begrip was ook ideologies gelade. Dit het deel geword van die groter politieke en nasionalistiese diskoers en het op 'n stadium deel uitgemaak van die verdediging van afsonderlikheid (Apartheid).

Die Kerkwet wat die NHKA in 1951 aanvaar het (NHKA 1951), het dit baie duidelik in Artikel III en Artikel VII verwoord. Artikel III het gelees:

*Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen gelykstelling in sy midde toelaat nie, maar beoog die stigting van eie volkskerke onder die verskillende volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here – "Maak dissipels van alle nasies" Matteus 28:19, die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so 'n werkverdeling nie geskaad sal word nie. Tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort daarom net blanke persone.*

(NHKA 1951 Art. III)

Uiteraard het die NHKA se formulering van Artikel III, met sy verwysing na volkskerke, etnisiteit en ras, aanleiding gegee tot skerp kritiek vanuit verskillende oorde Dit was veral die internasionale ekumeniese liggame wat die NHKA se standpunt gekritiseer het.

As gevolg van die kritiek, het die Kommissie van die AKV 'n Komitee aangewys wat die hele saak moes ondersoek. Die verslag van die Komitee beslaan bykans 300 bladsye (Handelinge van die Kommissie van die AKV, April tot Junie 1979: 297-565). Die Komitee het homself pertinent verbind aan die denke van Hoedemaker en Van Ruler, teenoor Kuyper se opvattings oor die vrye kerk. Die volgende definisie word gegee:

*Met volkskerke word bedoel die kerk van Jesus Christus binne 'n bepaalde volk ten behoewe van daardie volk ...............Die bedoeling is dat die evangelie en kerk volkome inheems sal word onder die nie-blanke volkere om in intensiewe katolisiteit (Van Ruler) elke moment van die lewe van die volksgroep te probeer kersten en so op te eis vir die koninkryk van God.*

(Handelinge van die Kommissie van die AKV 1979:306)

Dit is duidelik uit die Komitee se verslag dat:

- Die teokratiese- en apostolêre volkskerkdenke, soos dit in Nederland gemanifesteer het, het die NHKA se kerkbegrip bepaal (vgl in die verband Dreyer 2006).

- Die rassepolitiek van die tyd, politieke ideologie en Afrikaner nasionalisme het die kerk se kerkbegrip en kerklike praktyk beïnvloed. Die skeiding tussen rasse op politieke en maatskaplike terrein, wat na die Tweede Wêreldoorlog in wetgewing vasgelê is, is op die kerklike terrein voortgesit.

- Die *corpus christianum* en die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid het steeds die kerk in sy funksionering beïnvloed.

Die NHKA het in die sewentigerjare nie net die vestiging van etniese volkskerke bepleit nie, maar was ook uitgesproke in sy ondersteuning van afsonderlike ontwikkeling (Apartheid). Eventueel sou dit lei tot die suspendering van die NHKA se lidmaatskap van die *World Alliance of Reformed Churches* (WARC) tydens die organisasie se vergadering te Ottawa in 1982 (vgl in die verband Dreyer, WA 2006 vir 'n meer volledige oorsig van die geskiedenis).

Dit was eers in 1997 dat die NHKA 'n nuwe Kerkorde aanvaar het waarin Artikel III met Ordereël 4: vervang is: *Die Kerk is 'n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelykertyd aan alle mense* (NHKA 1997:69).

Die belangrike verandering wat in 1997 aangebring is, is die verwydering van die klousule wat lidmaatskap tot blankes beperk en die begronding van lidmaatskap op die *doop*. Die gedagte van die volkskerk en die uitdruklike verbintenis aan die Afrikanervolk het egter behoue gebly.

Daar is reeds verwys na die 68e (2007) en die 69e (2010) Algemene Kerkvergaderings waar die handhawing van die NHKA as volkskerk ter tafel was. Die vergaderings het in 2007 en 2010 besluit dat die term *volkskerk* uit die Kerkorde verwyder moet word. Omdat die besluit nie met die vereiste tweederde meerderheid geneem is nie, is Ordereël IV onveranderd gelaat en funksioneer die NHKA *de iure* as volkskerk.

*Uit hierdie historiese analise word dit na my mening duidelik dat die dominante sisteemverhaal van die NHKA in sy volkskerklike kerkbegrip te vind is. Dit hou bepaalde gevolge vir die kerk in, onder andere 'n dominante institusionele verstaan van kerkwees.*

**PL De Jong** neem (vanuit 'n Nederlandse perspektief) die standpunt in dat die tyd van die volkskerk finaal verby is (De Jong 2002:156). Die toenemende mondigheid van lidmate, ineenstorting van formele gesagstrukture, die opkoms sekularisme, individualisme en godsdiens as privaat aangeleentheid veroorsaak dat die volkskerk 'n ontoepaslike benadering vir die 21e eeu is. Die tipiese volkskerk, waar mense vanweë geboorte en verblyf in 'n bepaalde geografiese gebied lidmaat van 'n bepaalde gemeente is, is verby.

De Jong stel ook 'n kritiese vraag (De Jong 2002:160): *Wat kom na die volkskerk?* Hy meen dat hoewel die tradisionele volkskerk verby is, enkele fasette wel kan en moet voortbestaan:

- 'n Kerk waar die grense nie te skerp getrek is nie.
- 'n Christusbelydende kerk.
- 'n Kerk wat nie willoos die heersende kultuur volg nie, maar tog weet van sy plek binne die samelewing.

Indien die oortuiging bestaan dat die volkskerk nie meer gehandhaaf kan word nie, is De Jong se vraag van uiterste belang vir die NHKA. Wat, inderdaad, kom na die volkskerk?

## 2.7. CORPUS CHRISTIANUM, VOLKSKERK EN DIE KERK AS INSTITUUT

Die verbintenis tussen die *corpus christianum,* volkskerk en die kerk as instituut word dikwels misgekyk of ontken.

**AA van Ruler**, wat groot invloed op die NHKA se kerkbegrip uitgeoefen het, skryf dat Buskes en De Graaf tot die gevolgtrekking kom dat *de visie van Wormser en*

*Hoedemaker, de theocratische vokskerkidee dus – in onderscheiding van de natuurlijk hooggeroemde apostolaire volkskerkidee van Kraemer – in de Hervormde Kerk wel geduldt wordt en ook te dulden is, maar zeer stellig nie de eigenlijke visie van de Hervormde Kerk is* (Van Ruler 1958:3).

Daarteenoor stel Van Ruler dat die volkskerk die vanselfsprekende uitvloeisel is van die Westers-Latynse Christendom is. Op grond hiervan bepleit hy die voortsetting van die Nederlands Hervormde Kerk as volkskerk. In hierdie argumentasie verbind hy op 'n positiewe wyse die *corpus christianum* (Konstantynse en Westers-Latynse Christendom) en die volkskerk.

Die ideaal van die teokraties-volkskerklike denke, soos bepleit deur Van Ruler in navolging van Hoedemaker en Wormser, was dat die kerk elke onderafdeling van die gemeenskap sou bereik met die evangelie. Opvoeding, onderwys, gesinslewe, regeringsinstellings en die openbare lewe moes in die lig van die evangelie staan. Van Ruler beklemtoon dat die kerk nie te vreemd in die wêreld moet wees nie.

Die verband tussen kerk, volk en owerheid in Van Ruler se denke is veral duidelik in sy *Religie en Politiek* (Van Ruler 1945). Daarin neem hy teenoor Barth standpunt in, dat die verhouding tussen kerk en samelewing beperk word tot die kerk se getuienis wat 'n krities-profetiese stem laat hoor (Van Ruler 1945:106).

Van Ruler stel onder andere: *De burgerlijkheid der kerk is van theologisch belang. Een staat kan christelijk zijn…… Kerkelijke en burgerlijke overheid houden tezamen het volksleven in de heilige orde….. Onder het gezichtpunt van de tucht zou men zelfs zoo ver kunnen gaan en zeggen: niet de staat is er terwille van de kerk; maar de kerk is er terwille van den staat* (Van Ruler 1945:108).

Volgens Van Ruler is die owerheid se plig die uitbreiding van die *censura morum*, wat ook die taak van die kerkraad is. Dit gaan in sy teokrasie om politieke vormgewing en die ordening van die wêreld en gemeenskap (vgl Velema 1962:72-76).

Hoewel hierdie benadering vreemd op die oor val aan die begin van die 21e eeu, was Van Ruler se betoog is in lyn met die reformatoriese teokratiese tradisie en 'n voortsetting van die *corpus christianum.* Uit Van Ruler se standpunte is die organiese eenheid tussen kerk, volk en owerheid ('n tipiese Calvinistiese standpunt), die teokrasie (ook Calvinisties) en gevolglike handhawing van die volkskerk baie duidelik 'n

voortsetting van die *corpus christianum* en lei dit ook tot 'n sterk institusionele verstaan van kerkwees.

Die soort benadering blyk ook uit Van Ruler se verstaan van huisbesoek, teenoor die van K Barth. Van Ruler grens homself af teen Barth se verstaan van huisbesoek as 'getuienis' en stel kategories dat huisbesoek die karakter van 'opsig' moet behou (Van Ruler 1945:102-104).

Van Ruler se standpunte is (en word steeds) benut in die debat oor kerkbegrip wat in die NHKA gevoer word. Na my mening is dit die soort teologie wat in die NHKA daartoe gelei het dat die volkskerklike kerkbegrip as dominante sisteemverhaal in die NHKA funksioneer en die kerk vasval in 'n institusionele benadering tot kerkwees.

Teenoor dié standpunt het iemand soos **JC Hoekendijk** aangetoon dat die tyd van die *corpus christianum* en die volkskerk finaal verby is (Hoekendijk 1964:13-35). Volgens hom het die begrip volkskerk 'n anachronisme geword. Dit dien nie meer die werk van die kerk nie, en nog minder die apostolaat.

Hoekendijk is van mening dat die kerk volhard het met die ideaal van 'n *corpus christianum* en volkskerk, omdat "die volk" vir baie eeue as die primêre sosiale eenheid beskou is. Met tyd het daar 'n verskuiwing plaasgevind: Die eers gewilde Etnologie (Volkekunde) is met Sosiologie vervang (Hoekendijk 1964:32).

Die kerk het egter in sy kerkbegrip en verstaan van die apostolaat, rustig met die volk as vertrekpunt voortgegaan hoewel dit sosiologies en teologies onhoudbaar geword het. Dit het by die kerk verbygegaan, dat die tyd van die *corpus christianum* onherroeplik verby is. Inteendeel: Die selfbedrog is gekontinueer, waar die kerk van gedagte was dat dit enigsins moontlik is om die een samehangende en totale groep (die volk) te bereik en te kersten.

Benewens die invloed van die Etnologie, was dit ook die Romantiek se waardering van die volk en kultuur wat gelei het tot die ideaal van *Volkschristianisierung* (Graul).

Die legitimering van burgerlike godsdiens (Warneck) en die verheerliking van die Westerse beskawing (Livingstone) het ook die kerk daartoe verlei om die *corpus christianum* en die volkskerk in stand te hou (Hoekendijk 1964:17). Hy toon verder aan dat die kerk die *corpus christianum* in stand gehou het omdat dit 'n beskermende dop en skokbreker vir die kerk was.

Verder skryf hy oor institusionalisering: *De zendeling pionier is een zeldzaam fenomeen geword. Ons werk is zozeer geïnstitusionaliseerd geworden dat beweeglijkheid en spontaneïteit in het gedrang komen* (Hoekendijk 1964:13). Dit lei daartoe dat selfs jong sendingkerke baie vinnig vasval in *een onbeweeglijk structuur.*

Hy wys verder daarop dat die Kerkhervorming in die sestiende eeu die *corpus christianum* as vanselfsprekend beskou het. Die nou verbondenheid tussen kerk, volk en owerheid en die *corpus christianum* is kritiekloos voortgesit.

Hy meen (soos Kuyper) dat dit die rede is waarom die reformatore nie 'n omvattende kerkbegrip ontwikkel het nie. Die Kerkhervorming het, in die stryd teen Roomse dwaalleer, die kenmerke van die ware kerk gereduseer tot die suiwer verkondiging van die Woord en die regte bediening van die sakramente. Hy is dus van mening dat die reformatoriese kerkbegrip, as gevolg van 'n voortgesette handhawing van die *corpus christianum*, eensydig en gedateer is. Die reformatoriese kerkbegrip is nie voldoende ontwikkel om die uitdagings van die 20e (en 21e) eeu die hoof te bied nie (Hoekendijk 1964:17).

Die kerkbegrip van die reformatore is, in getrouheid aan die Belydenisskrifte, deur volgende geslagte voortgesit, hoewel die Modernisme (en Postmodernisme) asook die opkoms van die sekulêre staat dit ontoereikend gemaak het.

Veertig jaar nadat Hoekendijk bogenoemde geskryf het, in die branding van die Postmodernisme, worstel die kerk steeds met die reste van die *corpus christianum*.

Die onbeweeglikheid, die gestolde strukture en oordrewe institusionalisme wat orals sigbaar is, getuig daarvan.

## 2.8. ENKELE GEVOLGTREKKINGS

Heitink is van mening dat die Konstantynse Christendom (of *corpus christianum*) teen 1960 finaal tot 'n einde gekom het (Heitink 2007:36). Daarmee het 'n nuwe era in die kerkgeskiedenis aangebreek. Berkhof het dit soos volg beskryf:

*De periode van heerschappij die met Constantijn de Grote voor de kerk is begonnen, wordt afgesloten.... De weerloosheid waarin de gemeente van Christus overal in die wereld te leven heeft, strookt meer met sy aard dan gemakkelijke staatsteun of volksgunst.*

(Berkhof 1955:33)

Ten spyte daarvan dat die Konstantynse Christendom *in die gemeenskap* tot niet gegaan het en die kerk gemarginaliseer is, het baie van die voorveronderstellings en denkbeelde daarvan *in die kerk* bly voortbestaan. Niemandt skryf:

*Die kerk is in sy wese en optrede vasgevang in die Christenheids-paradigma........... Ons leef asof die Christelike geloof steeds die amptelike geloof van die amptelike kultuur is.*

(Niemandt 2007:15)

Hirsch formuleer dit soos volg:

*The problem we face is that while as a socio-political and cultural force the Christendom is dead, and we now live in what has been aptly called the post-Christendom era, the church still operates in exactly the same mode.*

(Hirsch 2006:61)

In die postmoderne era staan mense skepties teenoor groot organisasies met hulle institusionele denke en funksionering. Hulle wil deel word van 'n beweging, nie van 'n organisasie nie, want bewegings fokus op mense terwyl organisasies op beleid en programme fokus (Callahan 2002:12).

Wanneer 'n mens sterf, laat hy 'n boedel na. Reformatoriese kerke het 'n institusionele konfigurasie geërf (Hirsch 2006:55). Die nalatenskap van die *corpus christianum* is dat die kerk as instituut funksioneer. Dit blyk 'n bankrotboedel te wees wat die kerk met moeite bestuur en nog moeiliker van

ontslae kan raak. Die bestuur van hierdie bankrotboedel neem soveel tyd en energie in beslag, dat die kerk nie behoorlik aan sy eintlike taak en roeping aandag kan gee nie.

Die kerk gaan in die proses agteruit. Daar is krampagtige pogings om die posisie van die kerk te herstel. Allerlei programme en vernuwing word ingevoer. Die kerk probeer om dieselfde as in die verlede te doen, net beter. Hierteen het Hirsch skerp kritiek uitgespreek:

*Most efforts at change in the church fail to deal with the very assumptions on which Christendom is built and maintains itself. The change of thinking needed in our day as far as the church and the mission are concerned must be radical indeed; that is, it must go to the roots of the problem. Restructure the organization and leave the systems story in place and nothing changes within the organization. It is futile to revitalize the church, or a denomination, without first changing the system………*

*A prophetically consistent Christianity means that we must remain committed to a constant critique of the structures and rituals we set up and maintain. Perhaps rather than calling this anti-institutionalism, a rather negative frame of mind, we should rather understand it as "holy rebellion" based on the loving critique of an institution modelled by the original apostles and prophets......*

(Hirsch 2006:51 & 55)

Dit gaan om radikale en ingrypende kerkhervorming, om transformasie. Heitink formuleer dit soos volg: *Wanneer ik spreekt over transformasie kan dat niet anders betekenen dan dat de kerk een radicaal veranderingsproces moet doormaken om in een postchristelijk tijdperk dienstbaarte kunnen zijn aan "die sache Jesu"* (Heitink 2007:331).

Transformasie is (of behoort) nie vreemd aan reformatoriese kerke nie. Die hervormingsbeweging van die 16e eeu was effektief omdat dit die kerklike

instituut tot op die been oopgevlek het en die fokus op bepaalde kernsake in die Christelike geloof geplaas het: Jesus Christus alleen, die Skrif alleen, geloof alleen.

Die histories-vergelykende ondersoek het aangetoon dat die NHKA 'n sterk institusionele benadering tot kerkwees handhaaf, veral as gevolg van die kerk se historiese ontwikkeling as volkskerk.

Dit is na my mening 'n belangrike oorsaak van die NHKA se agteruitgang en onvermoë om by nuwe omstandighede aan te pas.